



Kollig

April 2023 Jaartal 38 Nummer 1



Omvattende finansiële kundigheid onder een dak

Ons het die proses om holistiese finansiële planne te ontwikkel makliker gemaak vir kliënte. BlouSter-besighede is eenstopondernemings waar 'n kliënt toegang het tot die kundigheid van 'n diverse span professionele finansiële adviseurs en ondersteuningspersoneel om na 'n omvattende reeks finansiële dienste om te sien. Dis nie nodig om individuele adviseurs vir lewensversekering, korttermynversekering en beleggings te raadpleeg nie.

Alhoewel jy toegang tot 'n aantal finansiële kundiges onder een dak het, kan jy steeds 'n langtermynverhouding met 'n toegewese adviseur geniet, wat 'n persoonlike aanslag verseker.

Ons weet dat jy ernstig is oor jou finansiële onafhanklikheid.

Kontak ons by Juksta BlouSter vir professionele finansiële advies.



Jan Hendrik Jacobs
Prinsipaal
071 895 1502



Ben Scott
Finansiële Beplanner
082 867 2786



Salomé Wessels
Finansiële Beplanner
083 371 5949



Frik Cloete
Korttermynversekering
082 951 6278



Antionette Cloete
Korttermynversekering
082 563 8148



Melanie Webb
Korttermynversekering
072 559 5184



Chad Oosthuizen
Korttermynversekeringadviseur
076 137 8901

Juksta
BlouSter
gemagtig deur  **Sanlam**

Finansiële Beplanning | Aftrede | Versekering | Gesondheid | Beleggings | Welvaart | Krediet

Sanlam Lewens is 'n Gelisensieerde Lewensversekeraar, Verskaffer van Finansiële Dienste en Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP43)

2023: OE! NOU LYK ALLES DAREM SÓ DEURMEKAAR!

Vir ons, as Kokanje-Inwoners, het die breekspul al in 2022 begin, net na Covid-19...

Om normaal te funksioneer en in beheer van lewensomstandighede te bly, het die mens standvastigheid, rustigheid, geborgenheid, reëls, regulasies en afgebakende grense nodig, maar uitgebalanceer met genoeg nuwe, interessante gebeure wat jou laat glimlag, die brein prikkel, oorlewingsmeganismes laat inskop en stresvlakke net genoeg stimuleer. Dan kom unieke kreatiwiteit en individualiteit na vore wat tot voordeel van die gemeenskap strek.

Soos met die oulike kaartspeletjies "UNO" en "UNO FLIP" begin elkeen se lewe met dieselfde hoeveelheid kaarte in jou hand. Met jou eie vernuf, opleiding, opletendheid en ondervinding gaan die jare verby en elke moeilike en/of onverwagse situasie kan die hoof gebied word. Ons word egter tans deur omstandighede geskommel, soms oorgeslaan, vorentoe en agtertoe beweeg en ook selfs heeltemal omgedop en in 'n heel ander rigting geforseer. **Klink dit bekend?**

Jy het hopelik 'n dagboek/kalender waarin jou lewe elke dag ordelik rondom die **KONSTANTE ANKERS** in jou lewe beplan kan word: Ontwaak, opstaan, stiltetyd, bed opmaak, reinig en aantrek, ontbyt, middag- en aandetes, klub- of komiteebyeenkomste, skottel- en wasgoed, stokperdjies en liefdadigheidsuitreikings. Jy sien dan elke dag waarmee jy besig was en wat verrig is wanneer die inskrywings voltooi en afgemerk is. Jy gaan baie trots en tevrede bed toe. **Welgedaan!**

Kom daar nou enige **ONVERWAGTE, ONBEPLANDE DINGE** oor jou pad

(**Negatief:** Beurtkrag, prysverhogings, oormatige reën, hittegolwe, glipsies/ongelukkes, verandering van tye wanneer huis- en tuindienste plaasvind, dalk ook gesondheidstoestande en herstelperiodes na operasies, slegte nuus, en

Positief: Telefoonoproepe of besoeke van familie en vriende, verjaarsdag- en ander herdenkingsfunksies), word hulle netjies tussen die konstante ankers ingeskryf, jy hou kop en jou lewe bly georden en op sy spoor.

Vir Nuwe Intrekkers was die op- en uitpak, verlaat van vorige tuistes, uitpak en inskakeling by Kokanjewerksaamhede heel ontwrigtend. **Ons het simpatie met julle!**

Daar is 'n nuwe Kokanje **KOOP-EN-VERKOOP-Groep** gestig om ongebruikte artikels wat in jou pad is van die hand te sit of items aan te koop wat benodig word. (Sien **bladsy 29.**)

Gedurende die **2022 Kersvakansie** het Inwoners se kleinkinders weer heerlik (onder toesig van volwassenes) **speletjies** gespeel (Kleurcollages op **bladsye 34 en 39.** Artikel **bladsy 46.**)

Kyk gerus verder in **KOLLIG** met watter stokperdjies ander Inwoners hulleself vermaak. (**Bladsye 49 tot 53 en 57.**)

Skep orde, neem leiding, reik uit, verdryf eensaam- en ledigheid, sorg vir 'n balans in jou lewe en geniet 2023, ten spyte van jou seniorburgeromstandighede.

Wen of verloor elke dag met grasia, soos 'n held. More, met die krag van **BO**, kry jy weer 'n kans op sukses en om onvoltooide dinge blymoedig te finaliseer!

As jou bed dus vandag leeg is en jou skoene vol, gaan dit al heel voor die wind met jou!

Rita Noeth



ARTIKELS OOR PORTEFEULJES:

FINANSIES
(FINKOM)
BEGROTING
Bladsy 16.



STRATEGIESE
KOMITEE
(STRATKOM)
Bladsy 17.



VERSORGINGS-
DIENS
(SORGKOM)
Bladsy 19.



VRYWARING

Die Kokanje Raad of die administrasie of die redaksie van **KOLLIG** onderskryf nie noodwendig menings wat deur medewerkers uitgespreek word nie. Die redaksie betaal nie vir artikels of enige bydraes nie en skrywers behou hul kopiereg, terwyl die redaksie die reg behou om alle artikels en briewe te verkort, te versorg en vir plasing te oorweeg, ofskoon gepoog sal word om die strekking van die inhoud so noukeurig as moontlik te hou. Hou dus u bydraes kort en bondig, asseblief. Hierdie vrywaring geld ook vir advertensies.

Elektroniese artikels na: ritanic2@gmail.com en WhatsApp 083 307-1446.

KOKANJE-AFTREEOORD, Nylstroom (Modimolle), Limpopo, Suid-Afrika.

(GPS: 24,68°S 28,38°O) Tel: (014) 715-2030/1/2/3.

UITVOERENDE BESTUURDER SE BRIEF

Saam met April breek die tweede kwartaal van die jaar nou aan. Die Algemene Jaarvergadering is afgehandel en die nuwe begroting, met al sy potensiaal, is daar goedgekeur. Ons Direksie en BK is voltallig en almal is reeds ingedeel in hulle nuwe ampte. Die vorige finansiële jaar is amptelik afgesluit en die nuwe jaar lê vars voor ons!

Ons sien uit na die voltooiing van die Optieseveselprojek wat baie goed vorder. Die hooflyne en sekondêrelyne is voltooi en die Optiesevesel is deurgeblaas. Laat in Maart is die uitbreidings na wonings begin en van hier af gaan dit net met rasse skrede vorentoe.

Daar is ontsettend baie energie investeer in die ondersoek na sonenergie. Ons hou asem op vir die voorleggings en moontlikhe-

de van die harde werk wat reeds gedoen is. Ons ervaar uitstekende dieselbesparings met die batterystelsel wat onlangs by die Kokanje Eenheid geïnstalleer is. Net so is daar al baie tyd spandeer aan die tenderproses vir die verskaffing van Sekuriteitsdienste wat teen einde Mei voltooi moet wees. Goeie navorsing verglig die pad vorentoe.

Die grondwerk vir 'n projek om die volhoubaarheid van watervoorsiening in Kokanje te verseker, is reeds gedoen en 'n volledige verslag in hierdie verband behoort gedurende die eerste helfte van die jaar beskikbaar te wees.

Ons is trots op die Noodplan wat pas voltooi is met lede van ons Tegnie span wat brandopleiding ontvang het. Die nodige toerusting is aangekoop en gereed om ingespan te word wanneer

die nood daar sou wees. Personeel wat in Kokanje bly, die Dagbestuur en die Blokvertegenwoordigers vorm almal integraal deel van Kokanje se Noodspan.

Wanneer ons midde in die stryd staan, voel dit nie of daar vordering is nie, maar wanneer ons terugblik en net 'n oomblik reflekteer, toon dit die pad wat reeds geloop is. Soms raak die pad vorentoe sigbaar in 'n weerspieëling en dit is 'n pad waarvoor ek baie opgewonde is. Ons is dankbaar vir elke Kokanje-Lid wat hierdie pad saam met ons stap.

Elke Personeelid is dankbaar om diensbaar in hierdie Kokanje-span te wees.

Andries Visagie



2022/23 SE VOORSITTER TREE UIT...

Hallo my mede-Kokanje-Inwoners!

As uittredende Voorsitter van die Raad is dit vir my aangenaam om hierdie skrywe aan u te rig.

Eerstens wil ek graag die nuutverkose raadslede, en in besonder die nuutverkose Voorsitter en Ondervoorsitter, gelukwens met hul aanstelling. Ek het die afgelope 4 jaar, waartydens ek op die Raad gedien het, baie stimulerend, uitdagend en interessant beleef. Ek hoop en glo dit sal vir julle elkeen ook so wees. **Ek het dit nog nerens anders so beleef dat persone met soveel toewyding en erns werk sonder vergoeding nie!**

Ek wil graag 'n paar hoogtepunte uitlig:

1. Die aanstelling van die nuwe Uitvoerende Bestuurder, Andries Visagie. Die hele werwing- en onderhoudsvoeringsproses was besonder verrykend. Andries het so pas sy eerste werksjaar voltooi en ek sien 'n besondere mooi toekoms vir hom in Kokanje.

2. Die tenderproses en toekenning van die skoonmaak- en tuindienskontrakte aan Bidvest en Servest. Dit was 'n goed bestuurde en deursigtige proses. Soos met enige verandering was daar "vestigings"-probleme. Hierdie twee diensverskaffers het oor die afgelope 8 maande met rasse skrede verbeter en lewer tans 'n uiters bevredigende diens aan Kokanje.

3. Die besluit om optiese vesel in Kokanje te laat installeer. Hierdie projek hou groot voordele vir die administrasie sowel as die Inwoners van Kokanje in.

4. Die sekuriteitstenderproses. Dit sal DV gedurende Meimaand afgehandel en toegeken word aan die suksesvolle tenderaar.

5. Die sonkrag "taakspan" (waarvan ek deel kon wees). Hierdie is 'n baie omslagtige en ingewikkelde projek wat ek glo uiteindelik groot voordele vir Kokanje sal inhou.

6. Die pas aangekondigde "blok-indeling" van die Oord. Elke


Raadslid neem verantwoordelijkheid vir 'n blok om sodoende meer effektiewe kommunikasie en skakeling met inwoners te bewerkstellig.

Dit was vir my besonder aangenaam om saam met die Kokanje-Personeel te kon werk. Altyd vriendelik, bedagsaam en hulpvaardig, of hulle nou agter 'n lessenaar of 'n opskepstasie is!

Dit is ook so dat Kokanje-Aftreeroord vir die oorgrote meerderheid van ons werklik ons laaste "aardse adres" is. My innige simpatie en meelewing aan elkeen van u wat 'n lewensmaat hier verloor het.

Ek wens u elkeen vele geseënde, gelukkige en gesonde jare hier in "Luilekkerland" toe!

Leon de Jager



KOKANJE-BESTUURSKOMITEELED

2023/2024



HENNIE LACOCK
VOORSITTER
VAN BK EN DIREKSIE

VOORSITTER: DAGBESTUUR



ALTA VAN DYK
ONDERVOORSITTER
VAN BK EN DIREKSIE

Voorsitter: SORGKOM.
BK-lid: STRATKOM.
LID: DAGBESTUUR



JAN DELPORT

Voorsitter: FINKOM.
Voorsitter: STRATKOM.
BK-Lid: KOMREK.

LID: DAGBESTUUR



NICK NOETH

Voorsitter: TEGKOM.
BK-Lid: STRATKOM.

LID: DAGBESTUUR



JEAN DU PLESSIS

Voorsitter: VOEDKOM.
Voorsitter: WAKOM.
BK-Lid: STRATKOM.

LID: DAGBESTUUR



GERHARD KEYTER

Voorsitter: KOMREK.
BK-Verteenwoordiger:
PERSKOM.



WILLIE SWANEPOEL

BK-Verteenwoordiger: FINKOM.
BK-Verteenwoordiger: VOEDKOM.
BK-Lid: STRATKOM.



CHARL STANDER

Voorsitter: PERSKOM.
BK-Verteenwoordiger: SOD.
BK-Verteenwoordiger: WAKOM.



KAREL MINNIE

Voorsitter: SOD.



LIZ HALEWIJN

BK-Verteenwoordiger: SORGKOM.



BEN DU PLESSIS

BK-Verteenwoordiger: TEGKOM.



ANTON BRITS

BK-Lid: STRATKOM.

KOMITEES/PORTEFEULJES

FINKOM = FINANSIES.
KOMREK = KOMMUNIKASIE EN REKLAME.
PERSKOM = PERSONEEL VERGOEDING&ONDERSTEUNING.
SOD = SPORT, ONTSPANNING EN DIENSTE.

SORGKOM
STRATKOM
VOEDKOM
WAKOM

= VERSORGING.
= STRATEGIES.
= VOEDSELDIENS.
= OMGEWINGSBEWARING.

RUIMTE IN BENOUDEHEID

Deel van die mistiek van 'n nuwe jaar is dat 'n mens voel of jy op 'n hoë plek staan met 'n uitsig wat tot aan die verste einders strek. So 'n onbelemmerde uitsig word dikwels gekoppel aan onuitgesproke versugtinge en verwagtinge wat diep in jou hart weggebêre is. Soos wat die jaar egter vorder, word jou verwagtings al hoe meer getemper en bedreig deur allerlei onverwagte gebeurlikhede en teenspoed wat aanvanklik nie sigbaar was nie en daarom ook nie verreken is in jou drome nie. Hierdie onverwagte gebeurlikhede kan jou menswees inperk sodat jou horisonne noodwendig nouer word, ja so nou word dat jy voel alles druk jou só vas dat jy nie asem kry nie. En in jou angs en benoudheid smag jy om uit hierdie verskriklike benoudheid te kan ontsnap en smag jy na ruimte sodat jy weer vry kan asemhaal.

'n Gevolg van die ouerwoordproses, ook hiër in Kokanje, is dat ons bewegingsvryheid al hoe minder en ons leefwêreld al hoe kleiner word. Want soos wat ons kragte afneem, krimp ons leefwêreld noodwendig ook in. Tot ons verdriet vind ons dat ons nie meer kan gaan en beweeg soos en wanneer ons graag wil nie. Eersyds is veroudering en die daarmee gepaardgaande inkrimping van ons lewensruimte 'n natuurlike proses. 'n Proses waarmee ons mettertyd geleer het om saam te leef en waarmee die meeste van ons vrede het. Maar wanneer ons skielik oorval word deur 'n onverwagte gesondheidsprobleem, soos 'n beroerte of ernstige siektetoestand, of deur 'n traumatiese gebeurlikheid soos die wegval van 'n lewensmaat of 'n ernstige gebeurlikheid in die lewe van 'n kind of kleinkind, dan sukkel ons om dit te verwerk en voel dit vir ons of ons lewensruimte skielik té klein, té nou vir ons geword het.

Frans Venter skryf in sy boek: *"Die keer toe ek my naam vergeet het"*, hoe 2 verskillende siektetoestande sy lewe en dié van sy vrou (as ouerwordende egpaar) verander en

hulle leefwêreld verklein en hulle gees ingeperk het. Op vyf-en-sewentigjarige ouderdom kry hy 'n ernstige beroerte. Met die woorde: "In die hospitaal – eers in Medicity en toe later in die siekeboeg van Altena – was ek lank dood vir die wêreld", beskryf hy die gevolg van sy beroerte. In die hoofstukke wat op hierdie dramatiese ingrype in hulle lewe volg, vertel hy hoe die beroerte hom ingeperk het en hoe hy byna alle liggaamsfunksies en ook sy kommunikasievermoë verloor het. Mettertyd word hy egter so gesond dat, behalwe vir 'n effense verlamming, hy sy lewe soos vroeër kon lei. Hulle siekte en ouderdom verplig hulle om te verhuis na al kleiner woonruimtes, maar telkens kry hulle die vermoë om daarby aan te pas. Dit vrywaar hulle egter nie van 'n gevoel van ingeperktheid en benoudheid nie, veral omdat sy vrou se gesondheid so versleg dat sy uiteindelik sterf. Hy sluit sy boek met die volgende woorde af: "Ek het baie verloor – die kosbaarste. Maar ek het ook geleer om te verduur. Te aanvaar. Tevrede te wees. Anders sou dit ondraaglik wees."

In **Psalm 118:5** ervaar die psalmis ook angs en benoudheid wanneer die lewe vir hom te nou geword het en bid hy: **"In my nood het ek geroep: 'HERE!'; die HERE het my geantwoord deur vir my ruimte te maak."**

Wanneer 'n mens se lewensomstandighede so nou raak dat jy voel jy word vasgedruk en vasgeklem, ja wanneer jy smag na ruimte en uitkoms, is daar troos in die woorde van die psalm. Die psalm erken dat ons as mense nood en benoudheid ervaar, maar die psalm gee ook aan ons 'n adres, **die Here**, waar ons kan aanklop wanneer ons benoud is. Verder beloof die psalm dat die Here ons versugtinge hoor en dat Hy ons antwoord deur vir ons ruimte te maak. Mag die Here, na liggaam en siel, vir jou vanjaar ruimte gee – lewensruimte, selfs wanneer jou omstandighede jou wil inperk!

DUST IF YOU MUST

By **Rose Milligan**

Dust if you must,
but wouldn't it be better
To paint a picture,
or write a letter,
Bake a cake,
or plant a seed;
Ponder the difference
between want and need?

Dust if you must,
but there's not much time,
With rivers to swim,
and mountains to climb;
Music to hear,
and books to read;
Friends to cherish,
and life to lead.

Dust if you must,
but the world's out there
With the sun in your eyes,
and the wind in your hair;
A flutter of snow,
a shower of rain,
This day will not come
around again.

Dust if you must,
but bear in mind
Old age will come
and it's not kind.
And when you go
(and go you must)
You, yourself,
will make more dust.

Sent in by
**Annette
van Dyk.**



Seën-
wense

**Henk
Potgieter**



MEANING OF LIFE

Once a wise
man was asked:

"What is the
meaning of
Life?"

He replied:
"Life itself has
no meaning..."

**Life is an
opportunity
to create a
meaning!"**

"EK BEGRYP..."

So maklik kan ons vir iemand wat in een of ander krisis is, sê: **"Ek begryp waardeur jy gaan en verstaan hoe jy voel"**. As jy nie eers self 'n soortgelyke pad as daardie persoon geloop het nie, begryp jy regtig?

Nadat prostaatkanker, en toe blaaskanker, by my gediagnoseer is, verstaan ek nou eers waardeur iemand gaan as daar by hom kanker of 'n gevreesde siekte gediagnoseer is en hoe moeilik die behandelingsproses kan wees. Die gevoelens van onsekerheid en soms angs, wat ekself beleef het, het by my 'n groot stuk begrip geskep vir soveel van my medemense in nood. Nou eers begryp ek die skok, onsekerheid en al die ander gevoelens wat daarmee gepaard gaan. Ek besef nou hoe leeg baie van my woorde van troos en bemoediging in die verlede was. Ek het **"begryp"** omdat ek iets geweet het, maar nou eers het ek **ware begrip en empatie**, omdat ek dit self beleef het en nog beleef. Ons kan egter nie alle leed en pyn eers self ervaar voordat ons werklik begryp nie, maar ons kan let op ons uitsprake wat eintlik nie van begrip spreek nie en dan ook nog raad gee asof jy weet wat en hoe...

As jy nog nie 'n pad geloop het nie, wees versigtig hoe jy probeer ondersteun – onthou dat ondersteuning uit jou begrip moet vloei.

Wat kan help om te begryp is om jou in die ander persoon se posisie, ongemak en pyn in te dink. Klim in sy/haar skoene.

Vra jouself af: "As ek hierdie tyding gekry het, of my geliefde deur die dood verloor het, of as

ek in die KE opgeneem is – hoe sou ek gevoel het?" Jy kan ook gaan **"Google"** oor daardie persoon se soort nood.

Vra vrae oor hoe die persoon sy nood, siekte of terugslag beleef, voordat jy met "ek verstaan" reageer. As jy eers geluister het, kan jy empatie wat spreek van begrip, betoon. Paulus vereenselwig hom so met ander mense se nood dat hy sê:

"As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; ... voel ek asof ek ook deur vuur gaan" (2 Korintiërs 11:29).

Laat jou **"verstaan"** spreek van begrip en empatie vir jou medemens se leed, pyn, teenspoed en ongemak. Sodanige begrip is onderskragend van aard. Die persoon in nood voel dan nie so alleen in sy krisis nie en aanvaar dan geredelik woorde van bemoediging. Wees daarom stadig om sommer te bemoedig, sonder dat jy werklik die omstandigheid en die gepaardgaande emosionele pyn, begryp.

Vra eers, luister dan, dink jouself in daardie situasie in en reageer met begrip, empatie en onderskraging. Medemense in nood het 'n behoefte aan vriende wat poog om te begryp waardeur jy gaan en wat dienooreenkomstig empatie betoon.

Gielie Combrink



She asked: "have you got everything?"
He took her hand and said: "now I do" ❤️



Sent in by **Adré Bernhardt**.

WHEN YOU'RE
HANGING ON BY A
THREAD, MAKE
SURE IT'S THE HEM
OF HIS GARMENT.




One day someone will
hold you so tight that all
your broken pieces will
stick back together.



Used on the Kokanje-TV screen
by **Louise van Zyl**.

HIERDIE KOLLIG SE PRAGTIGE VOORBLAD



Ons het vir **Dries de Jager** (lid van die Kokanje-fotografieklub – Digiklub) gevra om vir ons 'n mooi inheemse voorbladfoto te neem wat

DIE NUWE JAAR EN NUWE LEWE IN KOKANJE



sal uitbeeld...

Hy het hierdie pragtige foto van Kokanje se baba rooibokkies en hulle ma afgeneem en aan ons gestuur.

Baie dankie, **Dries!**

'N PAAR WENKE...

1. Is daar lelike, hardnekkige kos- en kerrievlekke in u plastiek kosopskepbakke?

Edelweiss Brits het met **Inge Zaaiman** hierdie beproefde wenk gedeel...

Plaas jou gevlekte bakke (en selfs gevlekte was- en af-droogvadoeke) vir 15 tot 30 minute buite in direkte sonlig. Jy sal verbaas wees om te sien dat die vlekke almal verdwyn het!

2. Voel jy soms issegrimmig en lusteloos, met 'n hoofpyn wat daarmee saamgaan, wanneer dit snikheet is?

Oplossing: Drink 1 of 2 glase kouewater. Jy ly dalk aan dehidrasie.

Onthou ook om vir die diere en voëls 'n bak skoon water in die tuin te laat om hulle dors te les...

Waterbottels met soet water vir suikerbekkies behoort slegs versoet te word met gewone wit suiker en gekleur te word met gewone voedselkleursel. (Bruinsuiker, stroop en koeldrankmengsels is blykbaar baie nadelig vir hulle gestelle.)

3. Oortollige plastiek inkoopiesakkies en kleinerige kartondose kan aan **Liza Oosthuizen** van die **Snoepie/Kiosk** gegee word, vir hergebruik.

4. Gaan jy met vakansie?

Onthou om jou verlofvormpie (verkrygbaar op die toonbank

in die voorportaal) in te vul sodat **Riaan Roets** (VOEDKOM) nie kos vir jou laat voorberei nie. Dit bespaar kostes.

In geval van 'n noodsituasie weet die Administratiewe Personeel ook waar om jou te kontak.

5. Vormpies, vir die aanvra van herstelwerk in en om die huis, kan ook op die toonbank in die voorportaal gevind word.

6. Het jy 'n sonkraginstallasie?

Onthou dat jou bure (sonder sonkrag of gas) dit ontsettend baie sal waardeur indien jy 'n warmbottel met kookwater kan oorstuur tydens beurtkragtye...



NOG PLUIMPIES EN DANKIES

1. **Hannahbol van der Walt** kan met vrymoedigheid die diens van **Hannes Groenewalt** (die goedgekeurde elektrisiën en sonkraginstalleerder in Kokanje) aanbeveel.

2. Van Krimpvarkies tot Karavane – KOOP-EN-VERKOOP hanteer dit alles:

Groot dank aan hierdie Groepie en die Administrateurs daarvan. Dit het ons gehelp om gou-gou al die oortollige items in ons/ons ma's se huise van die hand te sit of te skenk aan die korrekte Kokanje-Instansies.

Met groot dank: Susan Delport,
Marthie Postma-Botha/ma Leonie en
Ronel/ma Rina Bezuidenhout.

BEDANKINGS DEUR DIE REDAKSIE

Die volgende persone word hartlik bedank vir **HULP** en **KUNDIGHEID** om die Maart/April-**KOLLIG** voor te berei:

Keuring: Rita Noeth.
Taal- Fritz Wolff, Annette van Dyk
versorging: en Rita Noeth.
Proeflees: Hannelie Boshoff/Rita van der Hoven.
Bladuitleg: Rita Noeth, Leonie du Plessis en Lourens Durand.
Produksie: Rita Noeth.
Kleurcollages: Michèle Tarboton.
Meelewings- en 90-jariges se collages: Hetta Uys.
Voorblad- Dries de Jager.
foto:
Ander foto's: Lourens Durand, Rita Noeth en persone wat artikels ingestuur het.
Tikwerk: Paula Nienaber, Rita vd Hoven, Leonie du Plessis en Rita Noeth.

Hartlike dank aan ons **Adverteerders** – sonder julle advertensiefooie sou die **KOLLIG** onbekostigbaar gewees het!

Pieter Knoetze, Marinda en Venter vd Westhuizen en Marion Moir het as **Advertensiewerwers** opgetree. **Postnet** was verantwoordelik vir die ontwerp van nuwe advertensies of die redigering en versorging van bestaande advertensies.

Ons bedank **Kokanje-Inwoners** wat verskeie bladsye teen R50 elk geborg het – ons waardeer dit baie!

Ons nooi almal hiermee uit om ons te nader om in die toekoms ook bladsye in die **KOLLIG** te borg.

Marion Moir.

Die Redaksie van **KOLLIG** bedank al die **Kokanje-Inwoners** wat die pragtigste artikels en gediggies ingestuur het.

KOLLIG-KLEINADVERTENSIES KOLLIG-SMALLS

A. Isolerende Kooksak

Linda Sprenger, Huis 49D.
(014) 715-2150 of 083 506-9322.



B. MORINGA PRODUKTE (Olie, poeier en kapsules)

baie billike pryse:

Erina Lombard, Huis 30C.
083 452-2091
014 715-2663.



C. Beauty products & cosmetic treatments

Annette Nortje:
Salon Juenesse @ Kokanje.
45C Sering street.
083 438-3336.



D. Manshaarkapper

Dietloff Bredenkamp,
Mispelstraat 21C.
082 415-3729.



E. Manikuur en Pedikuurdiens.

Maria Botha,
Huis 6C.
(014) 715-2070 of
082 874-3027.



F. Maak van nuwe en herstel van bestaande Loodglaslampskerms en bedlampies.

Peet Marx,
Huis 89B.
083 286-9322.



G. Skerpmaak van messe en skêre.

Frik Grobler,
Huis 90B.
083 452-1836.



H. Gedroogde mangosnippers:

R160 per kg. R80 vir R500 gram.
Chrissie Pretorius
Huis 39C
083 699-5978.



I. Algemene Nutsmanne:



ONTHOU:



Indien u iets wil **adverteer** in die Kleinadvertensies, of hulp aanbied as Nutspersoon (dit is **GRATIS**), kontak **Rita Noeth**. W/A: 083 307-1446.

Handgeskrewe **artikels en gedigte** kan in die **KOLLIG**-mandjie geplaas word – onder die posvakkies, voor Rita Deck se kantoor, of E-pos getikte artikels, gedigte en foto's na **ritanic2@gmail.com**

Kobus Pretorius 082 458-3423
Johan (JP) vd Merwe 081 438-7148
Peet Saayman 082 532-9041.



Bladsy geborg deur XXXXX . Baie dankie, Redaksie.

DIE HUILBOOM OP DIE STOEP



Dat 'n "laaste staning" soms maar net nog 'n rusplek langs die pad word, het ons Trekkervoorouers vroeg al uitgevind. So het onvermydelike omstandighede

ook met verloop van tyd genoodsaak dat verskeie Kokanje-Inwoners weer moes wortels optrek en verhuis na 'n nuwe, en hopelik finale, "staning".

Met die voltooiing van die tweede deel van Kokanje se Fase II-bouprojek, gedurende Julie 2005, het Willem en Leonie Postma dan ook hulle "staning" onder die takke van die groot Huilboom op die stoep, by 117B, betrek.

Willem (nou reeds 'n paar jaar oorlede) was 'n direkte afstammelings van ds. Dirk Postma, o.a. stigter van die Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika – 'n formidabele familie. En toe trou Willem met 'n formidabele jong meisie – Leonie le Roux, en na vele omswerwinge het Kokanje hulle "finale" staanplek geword. So tussen die twee Postmas het hulle die nuwe lewe in Kokanje met albei hande aangegryp en 'n waardevolle bydrae gelewer op vele terreine. Willem met o.a. die daarstelling en bedryf van die destydse klankstelsels in die saal

en elders (stigter van die Klank-en-Beeld-werkgroep), terwyl Leonie vir etlike jare met onderskeiding op die destydse Kokanje-Direksie gedien het – in beheer van die Kommunikasie- en Voedseldiensportefeuljes (terselfder tyd). Sal ons ooit vergeet hoe sy die personeelstaking met kalmte, uitstekende beplanning en organisasievermoë hanteer het. En



Leonie en Riaan Roets het heerlik saam-gewerk.

baie harde werk. Ook was sy vir 'n hele aantal jare, met groot sukses, Redaktrise van **KOLLIG**. (Die **KOLLIG** is toe bekroon deur die Plus50-Tydskrif as Die Beste Nuusbrieff van 'n Aftreeoord in Suid-Afrika. **Red.**)

So het Willem en Leonie ook 2 geliefde kinders aan die dood afgestaan, die groot hartseer probeer eenkant toe skuif en aangegaan – sterk mense, gelowige mense – 'n voorbeeld vir soveel andere.

Die ou Huilboom wat vandag nog so sterk en kragtig staan (letterlik op hulle stoep), met sy rimpelvel oumensbene, het tydens die afgelope 17 jaar as't ware oor die huis waggehou en die klanke van

sy huismense se wel en weë intiem beleef soos wat hulle daaglik gekom en gegaan het. In sy kolletjiesskadu is, veral in die somermaande, heerlijk gekuier... maar, soos die lewe dit wou hê, ook getreur – baie trane van hartseer is onder sy imposante gestalte gestort.

Deur die jare het die Huilboom van sy groot ou takke verloor weens die aanslae van wind en weer, maar steeds het hy blymoedig elke jaar sy oorfloedige oes van klein geel blommetjies aan Leonie se besem geskenk!

Nou is Leonie weg en met haar vertrek is die stoep na 17 jaar stil en leeg. Ons stap daar verby en ons sien in ons gedagtes nie die gewone geel Huilboomblommetjies nie, maar druppelspat-sels in allerlei skakerings van geel. Traandruppeltjies, soos van 'n boom wat treur? Is dit dan waarom hy juis Huilboom heet?

Leonie, ons wens vir jou is dat jou "laaste staning", daar in Meyerton, waar jy en Willem destyds saam begin het, jou met liefde en vrede sal omarm.

Vaarwel liewe vriendin met die mooi gees en fynste humorsin – Vaalboomstraat en Kokanje mis jou reeds!

**Ons seën jou –
tot ons weer ontmoet!**

Braam en Marita Beneke.

THE SERENITY PRAYER

God grant me the serenity
to accept the things I cannot change,
courage to change the things I can,
and the wisdom to know the difference,
living one day at a time;
enjoying one moment at a time;
taking this world as it is and not as I would have it;
trusting that You will make all things right
if I surrender to Your will;
so that I may be reasonably happy in this life
and supremely happy with You forever in the next.
Amen. **Reinhold Niebuhr**

Die Redaksie van



KOLLIG

**dra hierdie Uitgawe
van KOLLIG spesiaal op
aan ons vriendin en
jarelange medewerker,
Leonie Postma!**

Modimolle



Jy het nie net 'n meesterplan nodig om jou doel te bereik nie, maar ook 'n **MEESTERBEPLANNER** om jou koers te bepaal.

Ons dienste sluit in

- Beleggings
- Aandelemakelary
- Portefeuljebestuur
- Testamente en Trusts
- Finansiële beplanning

Kontak ons vir gespesialiseerde finansiële- en beleggingsadvies



Jan De Villiers CSb(SA), CAIA®
Welvaartbestuurder : Sekuriteite

Jan.DeVilliers@psg.co.za
+27 (72) 458 5126



Angelique Bonnette
Administratiewe Assistent

Bonnette.Angelique@psg.co.za
+27 (76) 452 3976



Wico Strydom CFP®
Welvaart Adviseur

Strydom.Wico@psg.co.za
+27 (83) 712 0302

Modimolle | 98 Thabo Mbeki road, Modimolle
S +27 (14) 717 1036
psg.co.za



Country Shop & Tea Garden

Homemade Cakes, Pies & Ginger Beer
Functions and Platters
Local Arts and Crafts

SEE YOU SOON!

WhatsApp Cindy - 072 341 6117
Monday - Sunday: 08:00 - 17:00
Licensed.



Welcome to the world
of **modern solar energy**
technologies.

- ✓ Lower your electricity bills
- ✓ Reduce your carbon footprint
- ✓ Get a Solar Tax Rebate
- ✓ Better for the environment
- ✓ Add value to your home
- ✓ Low maintenance



Contact Hammies & Request A Quoute

082 487 3509

nylstroom@ecorenergy.co.za

Eco Renenergy - Nylstroom ecorenergy

BINGO!



Vodacom 06

kokedama diy

TUINBOU





EYESense

Measure non-presurised tanks storing any commodity. Visibility through the realtime dashboard



Metron Agri Salus



Berno Grobbelaar


+27 76 313 1661

Ben Grobbelaar (Kokanje)

+27 82 897 5656

EYEGas PRO

Monitor your LPG level realtime on your mobile device



**Besoek ons vandag
nog om meer uit te
vind oor ons **nuutste**
aanbiedinge.**

Ons vriendelike en professionele span
is gereed om u by te staan.



Vir BEKOSTIGSBARE OOGSORG

Bespreek u **omvattende**
oogtoets vandag.

MODIMOLLE 014 717 5448

Winkel 6, Modi Mall
modimolle@specstores.co.za

BELA BELA 014 736 6061

Winkel 1, Waterberg Boulevard Gebou,
Sparsentrum
belabela@specstores.co.za

GEEN ONBEKENDE IN KOKANJE...

HENRIËTTE ELS – ONS NUWE MAATSKAPLIKE WERKER

Een keer 'n Limpopo'er, altyd 'n Limpopo'er!

Ek is gebore in Tzaneen, maar het my hele skoolloopbaan in Groblersdal voltooi. (Laerskool Juliun Muller en Hoërskool Ben Viljoen.)

As plattelandse meisie het ek die Jaka-radastad aangevat en by die Universiteit van Pretoria my BA (Maatskaplike Werk) Graad verwerf. In 1996 het ek die oulikste dorpie in Limpopo ontdek, toe ek as 'n vars maatskaplike werker by die Abraham Kriel-Kinderhuis in Nylstroom/Modimolle begin werk het. Ek het verder aan die Universiteit van Pretoria studeer en my MA (Speltherapie) graad in 2000 verwerf.

In 2001 besluit ek en my man om alles op te pak en ons vlerke te spreid. Met 'n braaipan en "steak"-messies, vir as ons gaan "braai", (in ons handbagasie – dis nou voor 9/11) klim ons op die vliegtuig Engeland toe. Ek werk 6 jaar as Maatskaplike Werker/terapeut vir Essex County Council, waar baie ervaring en kennis opgedoen word. Ons gesinnetjie het daar uitgebrei – ons 2 wonderlike seuns is nou al yslik groot!

Suid-Afrika se roepstem en ons ouers wat ouer word, roep ons terug in 2007. Ek keer terug na die Abraham Kriel Kinderhuis in Nylstroom. Ek werk



daarna by Die Ondersteuningsraad, later ook bekend as RATA Maatskaplike Dienste en in 2016 begin ek vir die SAVF Limpopo werk as 'n Streekbestuurder.

As deel van my taak en rol, was ek veral betrokke by SAVF Nylstroom Diensbestuur (NPO) wat hande gevat het met vrywilligers in Kokanje, veral **Leonie du Plessis**, met die "sopbottel-projek". Hierdie projek was en is nog steeds 'n baie groot sukses, want dit word uitgegee aan die mees behoeftiges in die gemeenskap.

Hierdie is natuurlik vir my so 'n mooi storie, dat ek betrokke was by 'n projek van Kokanje, nog voordat ek eers geweet het dat dit nog 'n WERKSTUISTE vir my sal word...

Op 1 Maart 2023 begin ek werk as die Maatskaplike Werker by Kokanje-Aftreeoord en word so vriendelik ontvang deur al die inwoners, dat my inskakeling en aanpassing sommerk baie maklik was.

Ek glo die Here het nog altyd my hand vasgehou in goeie, sowel as moeilike tye en dat Hy my wortels op gegewe tye losgemaak het en op ander plekke geplant het, om diensbaar vir Hom te wees. Daarom is ek vas oortuig, dat Hy wil hê my liggie moet helder skyn hier in Kokanje-Aftreeoord.

**Kom loer gerus in!
Ek wil graag diensbaar wees.**

PROJEK: SOP-IN-BOTTELS

'n Artikel het middel 2020 in die Die Poskoerant verskyn aangaande die Ysterberg Voortrekkers in Thabazimbi wat as deel van hulle diensbaarheidsprojek, 'n sopprojek begin het. Leë koffiebottels is gevul met verskeie droë sopbestanddele. Hierdie bottels is aan verskeie organisasies in Thabazimbi, onder andere die SAVF, geskenk om uit te deel aan behoeftige gesinne. Die inhoud van die bottels word in 2 tot 2½ liter water gekook vir 55 minute en lewer heerlike sop, om aan ongeveer 6 persone 'n voedsame maaltyd te verskaf.

Leonie du Plessis het die artikel baie interessant gevind en met die Voortrekkers geskakel en self begin om sop-in-bottels te maak. Aanvanklik is die bot-

tels na Thabazimbi gestuur. Vanweë die afstand is die SAVF in Modimolle gekontak. So het Leonie vir **Henriëtte Els**, toe die SAVF se Voorsitter van die Limpopostreek (en huidige Kokanje se nuwe Maatskaplike Werkster), ontmoet. Die sopbottels is aan die Modimolle SAVF oorhandig, wat dit versprei het. Hulle het later ander instansies voorgestel wat ook behoeftige gesinne help. Die projek het, deur Groot Genade, gegroei en deesdae neem **Ben en Leonie du Plessis** sopbottels selfs na plekke soos Vaalwater en Naboomspruit. Daar is selfs sopbottels gestuur na Pretoria en Vanderbijlpark, waar daar nood was.

Die projek ontvang donasies van tyd tot tyd (kontant, sowel as bestanddele) wat 'n groot hulp is en opreg waardeer word. Daar is tans 'n redelike

voorraad leë koffiebottels, aangesien meeste van die projekkoördineerders die leë bottels weer terugbesorg.

Met die Winter wat om die draai is, kan persone in Kokanje (wat hierdie prysenswaardige projek finansieel of met bestanddele wil ondersteun), gerus vir **Leonie du Plessis** kontak.
Sel: 063 170-3142.



FINANSIES: DIE GROOT WERK AGTER DIE 2024-KOKANJE-BEGROTING

PERSONE WAT DAARBY BETROKKE WAS:

FINANSIESKOMITEE (FINKOM)

Theuns Botha
Rika Davel
Leon de Jager
Jan Delpont (Finansies {FINKOM} Voorsitter)
Jean du Plessis (Tegnies {TEGKOM} Voorsitter)
Robbie Robbertse
Willie Swanepoel (Voedseldiens {VOEDKOM}
Voorsitter)
Charl Stander (Omgewingsbewing {WAKOM}
Voorsitter)
Annalise Delpont.

PERSONEEL

Andries Visagie (Uitvoerende Bestuurder {UB})
Sibbie Swart (Bestuurder Finansies)
Anina Pretorius (Bestuurder Bemaking).

TYDLYN VAN BEPLANNING:

20 Oktober 2022

Finkom-begrotingsbeginsels.
Voorgestelde salarisaanpassing.
Voorgestelde heffingaanpassing.
Voorgestelde pryse vir hervelope – pryse
geïmplementeer vir prysvasstellings na
01/01/2023.
Die Kokanje-Projekregister word geneem as
volmag vir 2023 projekte. Let wel geen
projek/uitgawe groter as R50 000 sal in die
begroting opgeneem word as dit nie in die
projekregister is nie.

11 November 2022

Sluiting van versoeke. Alle versoeke (met
nodige bewyse, kwotasies en motiverings)
ingedien (boks by Karen).

Let wel geen samesprekings/onderhandeling
met die Bestuurder Finansies sonder bewyse
en motiverings nie. Dit geld ook vir die versoe-
ke van Bestuurders vir Afdelingsbegrotings.

9 Desember 2022

1ste UB-begroting.
Alle versoeke word voorgelê vir bespreking
saam met die UB, asook die Voorsitter van
Finkom.

21 Desember 2022

Voorgestelde UB-begroting.
Eerste voorgestelde begroting word bespreek
deur UB en Voorsitter Finkom.

9 Januarie 2023

1ste Finkom-begroting.
Eerste begrotingsvergadering met Finkom.

1 Februarie 2023

2de Finkom-begroting.
Tweede begrotingsvergadering met Finkom,
met wysigings van 09/01/2023.

17 Februarie 2023

Finale Finkom-begroting.
Derde begrotingsvergadering met Finkom, met
finale wysigings.

28 Februarie 2023

Direksie-begroting.
Begroting word voorgelê aan Direksie.

Maart 2023

Lede-begroting.
Begroting word voorgelê aan Lede.
Lede vergadering aanvaar begroting.

Jan Delpont



Harvard University Mental Age Assessment

The following was developed as a mental age assessment by the School of Psychiatry at Harvard University. Take your time and see if you can read each line aloud without a mistake. The average person over 60 years of age cannot do it!

1. This is this cat.
2. This is is cat.
3. This is how cat.
4. This is to cat.
5. This is keep cat.
6. This is an cat.
7. This is old cat.
8. This is person cat.
9. This is busy cat.
10. This is for cat.
11. This is forty cat.
12. This is seconds cat.

Now go back and read the third word in each line from the top down.



Het gister 'n oom ontmoet
wat baie in sy noppies is
met sy nuwe, jong vroultjie.
Hy sê sy is baie
godsdiensdig. Sy praat
heeltyd oor die nuwe
testament.

WAAR VIND DIE STRATEGIESE-EN-RISIKOBESTUURSKOMITEE (STRATKOM) SY NISSIE IN KOKANJE?

In die Opleidingshandleiding van Kokanje-Direkteure en Bestuurskomiteelede word die missie van Stratkom o.a. soos volg omskryf:

" 'n Risikobenadering antisipeer die toekoms, evalueer beheer oor toekomstige gebeure en ontwerp/skep 'n strategie of plan van aksie om daardie gebeure te bestuur en die negatiewe gevolge daarvan te mitigeer."

Gedurende die 2022/23 ampstermyn het die lede van Stratkom – almal lede van die Bestuurskomitee ("BK"): Leon de Jager, Jean du Plessis, Willie Swanoeel, Jan Delport, Alta van Dyk en ekself) hierdie missie nagestreef deur die volgende strategiese gerigte aksies in werking te stel of te ontwikkel:

1. 'n Risikoprofiel is ontwikkel en deurlopend bygehou en gemoniteer.

2. 'n Projekregister is geïmplementeer waarop alle voornemende projekte van die BK geregistreer word. Hierdie register dien tans as 'n lopende rekord vir die monitering van alle projekte in wording, asook die vordering en afhandeling daarvan.

3. Na vele onderhandelinge en die inwin van waardasies, kon Stratkom 'n aanbeveling aan die Direksie doen vir die aankoop van die sogenaamde Hans Campher-grondgedeelte (Ou Bokkiekamp). Dit is gedoen om die moontlike risiko van onregmatige grondbesetting te voorkom.

'n Aanbod is reeds aan die Munisipaliteit gemaak, maar daar word nog op 'n antwoord gewag.

4. In samewerking met die Uitvoerende Bestuurder het Stratkom 'n volledige Noodplan ontwikkel wat primêr voorsiening maak vir die moontlike ontstaan van brande op Kokanje. In die ontwikkeling van die plan is ten nouste saamgewerk met "Working on Fire" en die "Fire Protection Association".

Die nodige brandbestrydingstoerusting is aangekoop en 10 werkers is opgelei as brandbestryders. Raadslede word tans as blokkooördineerders aangewys.

5. 'n Volledige protokol vir die hantering van gevalle waar 'n persoon onregmatig by 'n Inwoner of Inwoners inwoon, is deur Stratkom opgestel en deur die BK aanvaar en geïmplementeer.

6. Die bestaande geskilbeslegtingsprosedure is hersien en meer prakties uitvoerbaar verander. Dit is deur die BK aanvaar en word reeds toegepas.

7. Op aanbeveling van Stratkom het die BK 'n Taakspan aangewys wat tans indringend ondersoek instel na moontlikhede om Kokanje so ver prakties moontlik en finansieel haalbaar, onafhanklik van Eskomkrag te kry.

8. 'n Aanbeveling van Stratkom dat Blokverteenvoordigers (Raadslede) vir elk van die 11 blokke in Kokanje aangestel word, hoofsaaklik om klagtes te bespreek en aan te spreek, maar ook om positiewe voorstelle vorentoe te neem en samewerking en harmonie te bevorder, is deur die BK aanvaar. Die riglyne vir hierdie inisiatief is tans in oorweging.

9. Aangesien Kokanje slegs oor een in-en-uitgang beskik, het Stratkom die noodsaak vir 'n alternatiewe nooduitgang geïdentifiseer indien die hoofuitgang (om watter rede ook al) tydelik gesluit sou word of nie veilig gebruik kan word nie.

'n Taakspan is aangewys wat tans onderhandelinge voer met die Landgoedbestuurder van Koro Creek om Kokanje toe te laat om so 'n noodhek in die oos/wes-heining aan te bring, wat toegang sal bied tot die straatnetwerk van Koro Creek.

Inwoners sal mettertyd meer volledig hieroor geken en ingelig word.

Graag bedank ek hiermee die Stratkomspan vir hul innoverende en strategiese denke en hul bydrae in die belang en tot voordeel van al ons Inwoners.

Hennie Lacock
(Stratkom-voorsitter.)



"Every moment and every event of every man's life on earth, plants something in his soul".



"At times our light goes out and is rekindled by a spark from another person. Each of us has cause to think with deep gratitude of those who has lighted the flame within us."

Both sent in by **Leon de Jager**.



OO G K U N D I G E

GEORGE VAN DER HOVEN

Promosie

Sluit toets, raam en lense in
Terme en voorwaardes geld

Enkelvisie - R795

Bifokaal - R1395

Multifokaal - R1995

Naboom | Nylstroom | Warmbad

066 517 2571

VERSORGINGSDIENS

1. NOODSITUASIES – INDIEN U VAL

Bly kalm!

B = Bel asseblief Ondersteuningsdienste by 072 040-6133 of druk die noodknoppie!

L = Lê waar u geval het!

Voorkom dat bure u optel en rondskuif, iets mag gebreek wees!

Y = Ys/water is al wat gegee mag word wanneer u dors is. Ons weet nie of u dalk vir 'n operasie sal moet gaan nie!

K = Kontak sal gemaak word met u dokter en familieleden om hulle in kennis te stel dat u geval het.

A = Ambulans gaan u vervoer na dokter of X-straalafdeling.

L = Laat asseblief u bure toe om u noodtas, ID- en mediese-fondskaarte vir die verpleegpersoneel uit te haal, om saam met u en die ambulans te stuur.

M = Moet oor niks bekommerd wees nie, alles is onder beheer.

**Ondersteuningsdienste
sal u goed versorg!**

2. HOU 'N NOODTASSIE GEREED!

Mediese noodgevallen gebeur blitsnel en hospitalisasie moet blitsvinnig gereël word. Alhoewel ons Kokanje Eenheid se personeel en Ondersteuningsdienste raakvatters is en gou al die nodige bymekaar kan sit, is dit dalk net beter om 'n voorafgepakte noodtassie gereed te hê.

Ons stel voor dat die volgende items in u noodtassie moet wees:

- Nagklere, pantoffels, japon, onderklere, ensovoorts.

- Badkamerbenodigdhede: Seep, waslap, borsel/kam, tandeborsel, tandepasta, skeermes, skeerroom, lyfroom, ens.

- Medikasielyst (wat u chroniese medikasie insluit) en waar u die medikasie bêre.

- Sorg dat die Inwonerinligtingslys (wat agter die slaapkamerdeur is) ook opgedateer is met u mediese-fondsbesonderhede, ID-nommer, u dokter se nommer, kontakbesonderhede van naasbestaandes en u begrafnisondernemer.

- Dui asseblief aan waar u mediese-fonds- en ID-kaarte/boekie gebêre word.

3. SLEUTELS

Almal in Kokanje het op 'n sekere stadium 'n ekstra stel sleutels laat maak, óf vir die bure, óf om dit in te dien by die Kokanje Eenheid/Ondersteuningsdienste. Dit is baie belangrik gedurende 'n noodgeval (veral snags) wanneer die Kokanje Eenheid se personeel of Ondersteuningsdienste u in u huis moet kan bereik/behandel!

Ondersteuningsdienste het reeds die sleutels van Inwoners by wie hulle daaglik betrokke is. Dit verleen toegang wanneer hulle medikasie aflewering, mense moet bad/stort, ensovoorts.

Kokanje Eenheid het ook 'n kas met sleutels van verskeie ander Inwoners, en dit sal aan Verpleegkundiges toegang verleen (veral gedurende die nag) wanneer daar 'n noodgeval ontstaan. Die kas is ten alle tye gesluit en die Verpleegkundige het die sleutels. Indien u die sleutels kom haal of u bure toestemming gee om die sleutels te haal, word dit aangeteken op ons rekord.

Die naamlys van dié persone word maandeliks gekontroleer en die sleutels wat hulle ingedien het, word nagegaan.

NB: Indien u voordeurslotte intussen vervang is, onthou om nuwe sleutels by ons in te gee.

NB: Wanneer u voordeur van binne gesluit is, verwyder u sleutel uit die sleutelgat en hang dit aan 'n hakie agter die deur. Ons kan dan met spaarsleutels ingaan, in 'n noodgeval.

Alle ander Inwoners is ook welkom om spaarsleutels by ons in te dien. (Hierdie noodgevalreëling is goedgekeur deur die Bestuurskomitee en Uitvoerende Bestuurder, Andries Visagie.)

Indien u enige navrae het, is u welkom om Ondersteuningsdienste te kontak by 072 040-6133.



Suster Patricia Snyders
Bestuurder: Versorgingsdiens.

BLINK VOORSTEL UIT DIE KE

Deur **Joey Coetzer**.

Ons as ouer persone se wêreld word daaglik kleiner. Ons is minder beweeglik, vriendekringe het gekrimp en so ook ons eetlus. Dit, terwyl die petrolprys toeneem.

'n Praktiese en bekostigbare voorstel is dat funksies wat KE-Inwoners raak (90ste verjaarsdagvierings, asook begrafnisse) in een van die Kokanje-lokale of KE-eetvertrekke kan plaasvind. Toe broodjies, peuselgoed en koffie/sap kan by sjef Riaan Roets of Liza Oosthuizen se Snoepie bestel word, om hulle te ondersteun.



"Less is more!"



BIZZY LIZZY

TAKE AWAYS

MAANDAE tot VRYDAE:

WYE VERSKEIDENHEID WEGNEEMETES DAAGLIKS
ASOOK VARSGEKOOKTE ETES

SONDAGETES:

GEKOOKTE MIDDAGETES

Aflewering van 12h00 tot 13h00 in Nylstroom en Kokanje.

24-UUR | **VARSLAASMELK**
ELEKTRISITEITSVERKOPE | (bring eie houer)

Vir meer besonderhede skakel

014 717 4855 of Sarel 072 886 5253

50 THABO MBEKI-WEG, MODIMOLLE

GESUIWERDE WATER BESKIKBAAR @ R 1.20/LITER

MEELEWING

15 November 2022 tot 15 Maart 2023



Issie Wehmeyer
4 Jan '39 tot 25 Nov '22



Johan Wessels
1 Aug '38 tot 29 Nov '22



Kitty Botha
4 Mei '40 tot 4 Des '22



Austia de Beer
27 Jun '36 tot 29 Des '22



Henriette Basson
28 Sep '34 tot 5 Jan '23



Helena van Niekerk
28 Okt '36 tot 5 Jan '23



Joy Moulder
20 Jul '28 tot 3 Feb '23



Charlotte vd Merwe
9 Jun '45 tot 14 Feb '23



John Farrel
20 Apr '38 tot 16 Feb '23



Jeanette Spies
20 Apr '43 tot 4 Mrt '23



Hennie Steenkamp
10 Nov '40 tot 12 Mrt '23



Alta Swanepoel
1 Apr '52 tot 12 Mrt '23

Our dear friends had lived and listened
to **The Voice** that recently
brought them Home safely...

in a small aeroplane, with a passed out pilot. They
are brought to safety by the voice of a pilot of a
freighter plane.

🌸 **Liz Fourie** sent us a lovely Video (found on
Google), called "Listen to the Voice" by Dr David
Gibb of Temple Baptist Church. It is about two men

During the storms of our lives, and with many con-
fusing voices ringing in our ears, we should also
focus on **The Only Voice** that really matters...

ABBA

Dit staan vir Alzheimers, Beroerte en Behoeftes van Almal

VRAAG: HOE OORLEEF EN VERWERK 'N MENS 'N BEROERTE?

ANTWOORD:

Deur die flinke hulp van bure en KE-personeel, dokters se professionele bystand en behandeling, en daarna oneindig baie geduld en deursettingsvermoë. Elke persoon en geval is uniek. Elke vorder op sy eie manier en op sy eie tyd.

MARTHIE EYBERS SE ONDERVINDING

5/1/22 – Marthie was nog besig om tee te maak toe sy eienaardig begin voel het en haar linkerhand nie die teepotjie kon vashou nie. George het onmiddellik opgetree en binne minute was die KE-personeel en dokter Breedts (gewapen met sy dokterstas en hamertjie) by hulle huis en hy het 'n ligte beroerte gediagnoseer. Na 'n nag se worsteling met hierdie onbekende gebeurtenis, het die ambulans in Kokanje Marthie na 'n hospitaal in Pretoria vervoer.

Toe die X-straal en ander uitslae bekend word, het die chirurg Marthie en George in kennis gestel dat een bloedklont deur haar brein en een deur haar hart gegaan het en dat hulle onder geen illusie moes verkeer nie – Marthie sou nie weer kon loop nie... Die suster het egter geknippoog toe hy die vertrek verlaat het en gesê: "Oumatjie, don't listen to him, he's not God." Die suster en ander verpleegpersoneel het dadelik baie ernstig vir Marthie begin bid. Dit het Marthie en George vertroue en hulle geloof versterk.

Marthie se linkerhand was heeltemal opgekrul van die beroerte en haar linkerbeen glad nie bruikbaar nie. In die hospitaal was sy net 'n nommer – sy was deurmekaar en het hallusinasies gehad, sy het gesukkel om hare te kam, haarself te was en die kos wat

(met "Glad Wrap") verseël was, oop te maak en te eet. Sy is hieroor oor die kole gehaal deur die verpleegpersoneel.

Na hospitalisasie en rehabilitasie was Marthie tuis in Kokanje en die fisioterapeut het haar gehelp om te begin loop. Maar, vroeg in Julie val sy en breek haar linkerbeen en die treurmares begin van voor af. Geen wonder dat sy soms onbeheerbaar gehuil het van frustrasie en rebelsheid nie en sy het met die Here baklei oor alles wat op een slag oor haar pad gekom het.

Marthie bedank **George** vir sy geduld, liefde en bystand gedurende die verskillende fases van hierdie verhaal. Hy het die hele huishouding oorgeneem. **Groot dank aan: Dr Breedts** (raad en daad), al hulle **bure en vriende** (heerlike versnaperinge), veral **Ella van Heerden** (poedings vir Sondag), **Sus Marie en Tonnie Swart** (pannekoek en deurnag-sessies), **Marlene Mulder** (elektriese klavier om op te oefen) en **Wilna Brits** (wat haar klerekas mooi help organiseer het en yslike (1 000 en 1 500-stuk) legkaarte voorsien het om Marthie se brein, hande en arms te stimuleer).

Die **KE** se fantastiese tuisversorgingspersoneel verdien 'n aparte pluimpie met hulle mediese- en lagterapiebehandeling: Hulle noem hulleself spottenderwys die "Clowns", die "Flying Squad" en die "Laughing Squad" en Groot **Selina, Klein Selina, Bea-trice, Maria, Georgina en Kate** is die hoofrolspelers. Hulle sing "Delarey" uit volle bors, maak grappies en help Marthie om

met die gladde plank vanuit die bed na haar rolstoel toe te gly.

Marthie en George waarsku Inwoners met Cholesterol-, Bloeddruk- en Suikerprobleme om daarvan werk te maak. Toets en hou julle noodknoppies en noodtassies gereed! Hulle het gebruik gemaak van die hulp van 'n pastorale sielkundige, fisioterapeut en voltydse versorger om deur hierdie trauma te werk. "Carer" **Assah Baloy** help "Ouma Marthie Baloy" elke oggend haar hare "wash and curl", haar pragtigste uitrusting aantrek, met grimering en juweliersware – reg vir nog 'n wonderlike Godgegewe dag!

Marthie oefen elke dag met haar loopraam en soms neem George haar om haar vriendinne by "Quilters Joy" te besoek. Hulle wag geduldig vir die dag wanneer alles weer na normaal gaan terugkeer en sy al haar stokperdjies kan voortsit.

Die positiewe Marthie en George glo:


**"Love changes everything...
and also**

God changes everything!"



Dit het 'n Groot Wilsbesluit gekos en die Eyberse sien nou al die lig duidelik voor in die tunnel –

**"By the
Grace of God!"**



THEO SCHMIDT'S EXPERIENCE

At 02:00 on 18 December 2021 Theo woke up with a strange head movement, lame left arm and leg, and no co-ordination. He had had a heart attack 10 years before and told Val to contact the doctor immediately as he recognised the symptoms of a stroke.

Then things became a bit blurry. It was pouring with rain, there was a power outage and Val wasn't able to phone the doctor or KE. While running to the neighbours for help, Val tripped in the dark and fell. Fortunately the neighbours managed to contact the doctor and he diagnosed a minor stroke. Theo was hospitalised immediately as it was too late for just applying medication to stop the stroke. His cognisance was good – 80 %.

The 87 year old Theo was paralysed and spent quite some time in hospital. On his return to Kokanje, he stayed in the KE for a couple of months and Val joined him there for a while. They were showered, medicated and taken care of by the professional and friendly staff.

Theo's chronic medication was changed to also heal his breathing and swallowing problems.

A month's physio sessions enabled Theo to walk 3 or 4 steps on his own. Unfortunately he fell and broke his right arm – back to the hospital and frail care. Recovery was slowly but surely.

In the meantime his wife, Val, passed away and Theo's whole world was turned upside down. Fortunately his neighbours, friends and 3 children (who visit him regularly) supported him during this trying time.

Theo is currently recovering from bronchitis. At the moment he is less unsteady and can walk 1.5 km per day, but he is still not playing bowls and is **taking things easy – a day at a time.**

Theo continues his visits of counseling and encouragement to the KE and sister Patricia will inform him of special cases – if he can help in any way. He moves around and goes to lunch, using his shoprider. He started Bible studies again 3 to 4 months ago at St Michaels and at the beginning of February 2023 did his first celebrated Holy Communion.

Theo is so grateful that he is living in Kokanje – meals every week day, garden and house cleaning services. He further manages the house and the

washing himself, assisted by an ironing lady.

Philippians 4:13

**"I can do all things
through Christ
who strengthens me."**

Theo believes:

**"We don't know
what the future holds,
but we know
Who holds the future!"**

Theo is the author of the book **"Yes, you are healed"** and if anybody is interested in borrowing the book from him, please contact him – 076 431-1204.

**His advice to other people in
the same boat –
This works for me:**

**"I am keeping so busy
that I don't have time
to feel sorry for myself!"**




Theo Schmidt

OORVERDOWENDE GERAAS IN RAASBLAARSTRAAT

Jani Oliver het vertel dat sy daardie aand maar vroeg moes gaan slaap a.g.v. die beurtkrag wat 19:00 in werking gestel is.

Twee ure later is sy wreed uit haar rustige slaap gewek en die lawaai in haar sitkamer het haar laat dink dat die Filistyne op haar was!

Baie bevrees en versigtig het sy daarheen gesluip en ontdek dat daar geen lewende siel was nie, maar dat dit slegs die TV-"gespuis" was wat op volsterkte met 'n program besig was nadat die krag weer aangekom het.



motors

AUTO SERVICE & REPAIRS

*Petrol & Diesel Vehicles and Trucks

*Engine Installations | Petrol & Diesel

*Vehicle Diagnostics

Fault Finding & Repair

Tel: 014 718 4004/3

Cell: 082 928 1088

Cell 2: 074 248 3601

Email: info@pjmotors.co.za

**Besoek nuwe perseel
oorkant die straat,
76 Lilian Ngoyi Str**

ABBA-PRAATJIE — 30 JANUARIE 2023

DIE ROL VAN LIEFDE IN INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS



Ds. Willem Sauer het vertel:

In Johannes 15:12 kry ons die volgende opdrag:
"Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet."
 Dit word in vers 17 herhaal/bevestig.

Waarom is dit vir Jesus belangrik dat ons mekaar moet liefhê?

Deur Abraham Maslow (Amerikaanse Sielkundige) se Behoeftehiërargiepiramide leer ons dat **Agting** en **Selfverweseningliking** die belangrikste in die mens se lewe is – alle mense wil voel dat hulle êrens behoort en dat hulle 'n verskil maak.

Wanneer ons dus mense liefhet, soos Jesus ons liefhet, help ons hulle deur ons optrede om hierdie 2 behoeftes te verwesenlik. Dieselfde geld wanneer iemand ons liefhet.

Hoe lyk hierdie liefde?

In die "Amplified Bible" word Johannes 15 verse 12 en 17 soos volg vertaal: **"This is My commandment, that you love and unselfishly seek the best for one another, just as I have loved you."**



vol, vrugbare en Geesvervulde lewe gelei kan word tot eer van ons Meester.

Onthou, jy kan en moet 'n verskil maak!

FEBRUARIE WAS VALENTYNSMAAND – wees lief vir jouself en jou medemens!

Probeer om die volgende twee liedjies (een in Engels en een in Afrikaans) op u selfoon te vind en te luister. Die woorde is ook daar te vinde – om selfs meer betekenis aan die oulike liedjies te verleen.



- A. "How long will I love you?" – Ellie Goulding.
- B. "Yum-Yum" – Juanita du Plessis.


Metode:

1. Druk op "Google".
2. Tik die naam van die liedjie en die sanger. *
3. Druk op die driehoekie.
4. Druk "X" om die advertensies oor te slaan.
5. Draai die selfoon dwars en kyk na die video in groter formaat.
6. Luister somer nog 'n keer!
7. Geniet dit!
8. Draai die foon terug.
9. Druk die driehoekies om tot by "Google" terug te beweeg.


* **Voorstel:**



Met Juanita se liedjie, beweeg eers 'n hele entjie ondertoe – tot by die eerste video met die ou omie en tannie se eskapades.



Hierdie twee liedjies sal nou heel bo-aan jou "Google"-lys verskyn.



MY ERVARING MET DEMENSIE VAN DIE ALZHEIMER-TIPE

Net soos in my vorige skrywes in die **KOLLIG**, wil ek net weer sê dat ek nie gebruik maak van boeke kennis nie – ek skryf bloot volgens waarneming en ondervinding, oor 'n hele klompie jare, aangaande ons eie Inwoners in Afdelings D en E van Kokanje se Eenheid vir Verswakte Inwoners (KE).

A. Volgens my ervaring:

1. Kan jy die siekte kry?

Ja, enigeen kan die siekte kry, dit hoef nie noodwendig oor-geërf te word nie.

2. Kan die siekte voorkom word?

Nie sover dit die huidige mediese kennis en navorsing betref nie. Dit is 'n hele ingewikkelde breintoestand.

3. Kan medikasie help?

Dit kan die toestand 'n bietjie vertraag en kan help as die lyer depressief of aggressief is.

4. Kan daar iets vir hierdie persone gedoen word sodat hulle toestand kan verbeter?

Die siekte het sy progressiewe verloop en ons mag nie aan geliefdes vals hoop gee deur te sê 'n lyer verbeter nie.

5. Hoe lank leef persone met die siekte?

Geen mens kan dit met sekerheid sê nie – sommige persone leef tot op 'n baie hoë ouderdom.

B. Vir watter simptome moet daar aanvanklik opgelet word?

1. Die persoon se konsentrasievermoë neem af.
2. Hy/sy begin op bekende plekke verdwaal.
3. Sy/haar geheue laat hom/haar dikwels in die steek.
4. Hulle word gewoonlik bang as hulle uit hul bekende omgewing geneem word.

5. Sommiges raak deurmaak met die verlede en die hede.
6. Die meeste is geneig om te val.
7. Die meeste word inkontinent. (Swak blaasbeheer.)
8. Hulle word onhandig.
9. Hulle verloor en/of verlê items.
10. Hulle sukkel om eenvoudige take te verrig.
11. Sommiges word agterdogtig (hulle blameer mense en beweer hulle goed word gesteel).
12. Aggressie kan voorkom.
13. Hulle ondergaan soms 'n algehele persoonlikheidsverandering.

C. Agtereenvolgende simptome, soos deur my waargeneem:

1. Die persoon begin sukkel om te lees.
2. Hy/sy trek soms klere onderstebo, agterstevoor of oormekaar aan en moet al hoe meer gehelp word.
3. Hulle begin al hoe stiller word, verloor redenasievermoë en het geen sosiale insig meer nie.
4. Hulle wys al hoe moeiliker hul gevoelens en lag dikwels nie meer nie.
5. Mense/naasbestaandes wat hulle goed geken het, word geheel en al onbekend vir hulle en name en gesigte beteken niks meer nie.
6. Sommiges verloor inhibisies heeltemal.
7. Hulle begin sukkel om te eet en vergeet soms om te sluk, al word hulle gevoer.
8. Onverwagte uitbarstings en gemoedskommelings kan voorkom.
9. Die televisie is slegs 'n geflikker van ligte en kleure en

hulle is afsydig teenoor programme – selfs kinderstories op die TV ontlok geen belangstelling nie.

10. Hulle moet al hoe meer gehelp word om te sit, op te staan, te loop, en word later bedlêend.

11. Hul spraak gaan heeltemal verlore.

12. Op die ou einde gee lewensnoodsaaklike organe in en die lyer sterf.

D. Hoe moet so 'n persoon hanteer word?

1. Met **BAIE** liefde en geduld. Sommige mense is in staat om sy/haar geliefde oor 'n baie lang tyd te versorg. Vir ander word dit net te veel en moet die lyer opgeneem word in 'n versorgingseenheid of deur 'n opgeleide persoon tuis versorg word.
2. Moenie met die lyer stry nie. As hy/sy sê 'n ding is blou en dis eintlik rooi, stem maar saam.
3. Die versorger moet geduldig luister en herhaaldelik saam met die lyer oor die verlede praat.
4. Dit is nodig om die persoon se vlak van breintoestand te bepaal alvorens hy/sy gehelp kan word om eenvoudige taksies te doen of speletjies te speel. Almal kan nie in 'n groep hanteer word nie en dit is dikwels beter om individueel te werk. Op so 'n manier kan 'n mens help om die oggend of middag korter te maak, want deur net te sit, kan die tyd baie stadig verbygaan. Ek het selfs ondervind dat daar 'n persoon was wat nog min of meer kon skaak speel! Alles hang net af van die persoon se toestand en van die bui waarin hy/sy die dag verkeer.



MY ERVARING MET DEMENSIE VAN DIE ALZHEIMER-TIPE (vervolg)

Een dag is daar positiwiteit, maar die volgende dag is die persoon weer heeltemal on-toeganklik en soms kom hy/sy heeltemal apaties voor. Stimulasie kan gegee word deur saam met hulle te sing, musiek te maak (mits hulle self aktief daarby betrokke is), of eenvoudige legkaarte of blokkies te bou. Om stories te lees, is feitlik nutteloos, omdat hulle nie lank kan konsentreer nie. Om egter stories te dramatiseer werk baie goed.

Ek verwelkom die groepie Inwoners (voorheen onder leiding van Christienne Robbertze en Marion Moir en tans **Denise Prinsloo**) wat by die KE besoek aflê en met deernis en empatie die demensielyers besig hou met speletjies en ander aktiwiteite. ➡

Hier is 'n paar van die dames:


Inge Zaaiman, Rita Noeth,
Erika vd Merwe, Rita van Vuuren,
Erika Baak en Antoinette Kruger.



Denise Prinsloo

(Ander belangstellendes kan Denise skakel en hulle self ook beskikbaar stel vir hierdie liefdesdiens: 082 968-9402. Dan kan julle eers 10:00 tot 11:00 op Dinsdae tot Vrydae inloer en kyk wat hier gebeur.)

Slot: Ek salueer AL die versorgers en naaste familieledes, want die versorging is uiters veeleisend en moeilik. Ek voel uiters jammer vir die lyers se familie, aangesien hulle twee keer afskeid moet neem – die eerste keer met die algehele persoonlikheidsverandering en die tweede keer by die afsterwe van die geliefde. Ons moet hierdie familie en vriende elkeen opdra aan die Here in ons gebede.



Hillie van der Merwe



'N VERSORGINGSEENHEID VOL VERSWAKTE, MAAR STEEDS OP EN WAKKER, INWONERS

Die lewe kom nie tot stilstand wanneer 'n Inwoner in die KE opgeneem word nie! Dit is die ontdekking van 'n nuwe begin. Ten spyte van verswakking, skete en kwale bly die hunkering om nuttig en betekenisvol te wees, voortleef.

Op inisiatief van 'n KE-Inwoner, en met die toestemming van **Suster Patricia**, is 'n baie mooi en kleurvolle eetkamertjie ingerig waar sowat 10 persone (sommiges selfs in rolstoele) middagete gesellig saam kan geniet. Die bediening by die tafel word deur flinke kombuispersoneel gedoen, onder leiding van **Joyce**. Sy behartig selfs die tafelgebed en laat haar ligging op hierdie manier skyn. Groot dank aan almal.

'n Mooi blomtuin, in potte, is deur die **Tantes van Nantes (Afdeling C)** aangelê. Danksy die goeie reën is al die plante tans in blom – wat 'n kleureprag en vreugde!

Sonder die aanmoediging van ons susters en verpleegpersoneel sou hierdie kwaliteitlewe nie moontlik wees nie. Groot waardering vir elkeen van hulle! Julle toewyding, versorging en omgee word opreg waardeer.

Onthou:

Die Inwoners van die KE is nog lank nie reg om afgeskryf te word nie!

Die meetsnoere het vir ons op lieflike plekke geval – ons erfenis is vir ons mooi!



Seëninge vir die Nuwe Jaar.

UIT DIE KE, AFDELING C.

Verkope van 2de handse meubels of items



Het jy 2de handse meubels of items wat jy wil verkoop?

Jy is sentimenteel daaroor en wil graag met iemand deel wat verstaan

Kontak my gerus

Henriette 072 129 4884

FB Page: Oh Yes I want it ALL
www.oh-yes.co.za
info@oh-yes.co.za



TEL: (014) 717 5175
FAKS: (014) 717 5176
SEL: 082 320 8289
E-POS: m-a-c@mweb.co.za

Modimolle-Auto-Clinic
Rupertstraat 4



Vir gehaltesdiens en die beste pryse, kom besoek ons gerus.

Ons diens enige tipe voertuig. Opknapping van ratkaste, ewenaars, sowel as elektriese herstelwerk van aansittermotors, omsetters, lugversorgers en bedrading, asook voorbereiding vir padwaardigheidsstoetse. Ons verkoop batterye teen baie goeie pryse. Ons bied 10% afslag aan pensioenarisse en sal u motor gaan haal en aflewer teen geen ekstra koste nie. Ons was en stofsuij ook u motor. Baie dankie vir u ondersteuning.

Josef Botes

VERVOER



- KLIP
- VULSEL
- TUINGROND
- SAND & STENE

Oktaanstraat 703, Industriële gebied.
NYLSTROOM

☎ 066 078 4973 Ferdie 082 889 6548

☎ 014 717 3606

NUTTIGE, GRATIS DIENSTE IN KOKANJE

A. KOOP-EN-VERKOOP-GROEP – d.m.v. WHATSAPP.



Skep orde in jou huis – verkoop ongebruikte artikels wat nog in 'n goeie toestand is, maar net in jou pad is.

Plaas **Klein Advertensies (Smalls)** en gepaste foto's op die **KOOP-EN-VERKOOP-groep**.

Dit is 'n nuwe, **GRATIS** diens.

Wat:

Items te koop – enigiets uit motorhuise en huise van Inwoners (veral wat hulle kinders van die hand wil sit wanneer ouers se huise ontruim moet word), asook items wat tydens stokperdjiesessies vervaardig word.

Items benodig – dieselfde as hierbo.



Hoe gaan jy te werk?

1. Sluit aan:

Vind Karen Pienaar se kennisgewing op Kokanje-Blitsnuus (12 Januarie 2023 – blou/pink kenteken) waar Inwoners uitgenooi word om aan te sluit.

Sluit aan. Van nou af sal advertensies jou gereeld bereik.

Om vorige advertensies te sien – vra 'n lankgevestigde lid om jou syne/hare te wys.

2. Bereken pryse as volg:

Google en vind die prys van 'n nuwe, soortgelyke item. Bied die item te koop aan teen 50% van die prys – dit is gewoonlik

dieselfde as 'n tweedehandse winkel se prys. Die tweedehandse winkeleienaar sou jou net 25% (of minder) vir die artikel betaal het...

3. Plaas 'n kort advertensie:

- Open 'n nuwe kontak, genoem RitaNic – My Advertensies en gebruik selnommer **078 549-1843** daarvoor.
- Beskryf item te koop/verlang.
- Prys.
- Naam van verkoper/koper.
- Foto (neem dit met u selfoon).
- Selnommer van verkoper/koper.
- Stuur die advertensie en die foto (**apart van mekaar**) na **078 549-1843**.

Die advertensie word ontvang deur die groepie se admin dame en sy plaas dit dan op die KOOP-EN-VERKOOP-groepie, waar dit meer as 170 belangstellendes (en hulle familie en vriende) bereik/onder hulle aandag kom.

Koper en verkoper word aan mekaar voorgestel. Hulle skakel/ontmoet mekaar, kom ooreen oor die prys, betaal die item en die **voetstoots** transaksie is beklink.

Stel ons in kennis wanneer die item verkoop/gevind is, sodat dit verwyder kan word. WhatsApp na 078 549-1843.

Rita Noeth en Ricky Durand.

B. BOEKE EN TYDSKRIFTE IN DIE OU POSKANTOOR VIR HERBENUTTING DEUR INWONERS.

Die uitruil of neem van storie- en vakliteratuurboeke, tydskrifte, ou **KOLLIG**-tydskrifte.

Besoek die vorige Poskantoorlokaal. Boeke, uit huise

wat ontruim word en nie bruikbaar vir die Biblioteek is nie, word daar geplaas en kan so herbenut word.

Nuwe Intrekkers kan heelwat inligting bekom oor Kokanje en sy geskiedenis deur die ouer KOLLIG-tydskrifte tuis deur te blaai/te lees.

NB:

Plaas ou tydskrifte, **KOLLIG**-tydskrifte en boeke op een van die tafels in die Ou Poskantoor. Daar is vrywilligers wat dit sorteer en netjies bymekaar groepeer.

Ou KOLLIG-tydskrifte word ook weer gebruik vir bemaking – dit word aan voornemende kopers uitgedeel.

ONTHOU:

Geen koerante, omsendbriewe of persoonlike korrespondensie sal hier aanvaar word nie. Plaas dit asseblief in u asblikke.

BAIE DANKIE!

C. FOTO'S VIR KOLLIG

Vele pragtige kleurfoto's van **Nuwe en Bestaande Intrekkers** word (gratis) deur **Lourens en Ricky Durand** geneem.

Hulle stel hulle eie ateljee van tyd tot tyd op in hulle huis of in die Kokanje-saal en op voorafbepaalde tye word die foto's geneem.

Groot dank aan hierdie twee professionele fotografe wat hulle stokperdjie tot voordeel van Kokanje en KOLLIG aanwend. Red.



MY REËNBOOGVRIENDE EN ANDER STAATMAKERS

Die slim mense beweer dat daar ongeveer 60 000 gedagtes elke dag deur jou brein flits. Hou hulle positief, verander jou negatiewe denkpatriene en vorm nuwe paadjies in jou brein.

My gedagtes gaan weer na die weke voor Kersfees 2022: **Hansie Pretorius** het sy 95ste verjaarsdag baie feestelik gevier. Sy dogter en suster het alles beplan en ons het in die vreugde gedeel. Hansie se liefde vir tuinmaak, onthaal, die kunste en die Afrikaanse taal staan my nog helder voor die oog.



Die son was besig om te sak, die aandete se eetgerei kletter en die stoomgepulde storte loop oor. Binnekort is dit pilletyd. Skielik het alles tot stilstand gekom toe daar 'n engelkoor begin sing het en die gange gevul is met "Somerkersfees". **NG Ooskerk**: Julle opregte betrokkenheid by Kokanje se KE word opreg waardeer!

Kersfees kom vroeg. 'n Heerlike middagete word geniet met rooi kerse wat brand en ons klink glasies op mekaar se gesondheid met die verfrissende koeldrank. **Alice van Zyl** sorg vir 'n Kersverrassing – baie dankie vir die pragtige glasflessies gevul met sjokoladelekkernye!



Ek breek 'n lansië vir al die **Taphuismanne (Taphere)** wat my oor meer as 20 jaar ondersteun het tydens Sosiale Klubbyeenkomste. Nuwe Intrekkers word daar verwelkom en alle funksies verloop vlot. Julle diens is van onskatbare waarde in Kokanje.

Met **Doel en Sannie Breed** het ek al seker die spreekwoordelike sak sout opgeëet. Tans deel Sannie en ek die vrolike etenstafel met ons ander vriendinne in die KE. Hierdie kalm en bekwame vrou het jare gelede 'n legende geword toe sy gesorg het dat haar man die eerste terroristaanval op hulle grensplaas in Namibië oorleef het. Sy het sy wonde met geweerolie behandel. In Kokanje het Sannie 'n pragtuin help vestig en naaldwerk van skougehalte gemaak.



Vier klein koekies wag om oopgemaak te word. Die pakkie is ongelooflik mooi getooi met 'n klein blou blommetjie en 'n varingtakkie om te sê: "Ek gee om!" **Beulah Meyer**: Ek waardeer jou bederfgeskenkie!



Elke keer, met die oopstoot van die twee glasdeure van my kamer, bedank ek woordeeloos die Argitek van Kew Gardens (**Hester Bester**).

Die lewe is ongelooflik mooi want elke bruin pot se rand is oorspoel van die pragtigste blommepragkleure wat elkeen wat dit sien, vul met sielevreugde.

George Linde se ryke verlede het hom my wonderlike bekwame en liefdevolle omgee-vriend gemaak. Hy hou nie van vertoon nie en het diep in my hart gekruip. Sy klein bos-sies blommetjies vrolik gereeld my kamer op. Kan 'n mens wens vir 'n meer opregte vriend?

Die Duitse weekblad "Fliegende Blätter" sê: "Die lewe agter die verhoog is dikwels dramatieser as die lewe daarop."

Dit was my voorreg om Kokanje se Huiskonsert "Om die wêreld in 60 minute" mee te maak. Ek kon **Yvonne Kotzé** se hand duidelik in die vriendelike ontvangs en heerlike versnaperinge sien. **Hetta Uys** en **Lonka Bergsma** het die KE-Inwoners na hulle bespreekte plekke vergesel en ek was dadelik tuis. Agter in die kleedkamers is ou vriende so vermom dat niemand hulle kon herken nie!

My gemoed het vol geskiet toe die pragtige Barcelona aan die beurt was – een van my kleindogters is in Spanje om haar argitekloopbaan voort te sit. Met "Don't cry for me Argentina" het ek weer 'n traan weggepink van lekkerkry, vreugde en plesier.



MY REËNBOOGVRIENDE EN ANDER STAATMAKERS

(Vervolg.)

Wie is die persoon wat al hierdie drade bymekaar getrek het om ons trots op Kokanje te vertoon? Groot dank en geluk aan **Bettie Botha** – vriendelik, doelgerig, en 'n mens-mens het ek haar opgesom!

Suster Patricia is al voor hane-kraai op patrollie om te hoor of alles in orde is en of gister se take deur die Verpleegpersoneel voltooi is. 'n Ongelooflike voltydse werk waar baie grille en geite van KE-Inwoners teëgekom en hanteer word. Ons grootste bewondering en dankbaarheid aan jou en jou span!

Letta Mashembye se hand is stewig op my rug. Sy gee goeie raad: "As jy dronk voel, staan eers regop en doodstil en haal diep asem. Voel jy beter, kan jy weer begin loop."

Met 'n breë, trotse glimlag en die "Accredited Training Caregivers"-sertifikaat in die hand kondig **Gladys Motshegoa** aan dat sy die opleidingskursus

van 6 maande geslaag het. Hierdie raakvatter, 47-jarige ma van 4 dogters, het al 17 jaar ondervinding in die KE opgedoen en is besig om vir haar 'n pragtige loopbaan oop te werk. Ek wens haar en al die ander persone wat gekwalifiseer het, alle sukses toe.

'n Woord van dank aan engel **Johanna Lelaka**, wat ons altyd so mooi skoonskrop. Haar hande staan vir niks verkeerd nie en sy staan haar plek in die KE al 27 jaar vol. Sy is by Donkerpoort gebore en in haar perfekte Afrikaans spreek hierdie raakvatter almal vriendelik aan.

Suster Maria loer in en ek lees 'n paar reëls van my briewe aan haar voor. Sy voltooi my een sin: "... Worry makes your soul dry." Ek weet wat sy bedoel, want "Your mind is nature's greatest gift."

Die McGyver in die KE is **Anna-Marie Maritz** – sy het 'n plan

met deure wat toeklap en verhoed dat die vars lug instroom. Enige kontrepsie wat jou probleme gee, het geen kans teen hierdie vrou se briljante planne en gereedskap-sak nie.

Ek neem daaglik kennis van elke lid van die Verpleegpersoneel wat elkeen haar deeltjie bydra – pilletjies en kos uitdeel, water bring, beddegoed hanteer, klere regsit om te laat was en dit weer weg-pak in die kaste, ons kom haal vir stort, die vertrekke skoonmaak, ens.

Die KE bied 'n diens aan wat moeilik geëwenaar kan word. Mag die Here die voete en die hande seën wat hierdie standaard so hoog hou.

Maureen Neethling
ons **KOLLIG-**
korrespondent in die KE.



HOE U DIE KOKANJE SE EENHEID VIR VERSWAKTE INWONERS (KE) KAN HELP DEUR MIDDEL VAN U BRANDSTOF- EN MOTORDIENSUITGAWES

Indien u u **Voertuig met Brandstof Vul** of u **Voertuig Laat Versien** by Waterberg Toyota Engen-motorhawe in Modimolle en/of by Total Modimolle-motorhawe, kwalifiseer Kokanje vir 'n persentasie van die totale bedrag as donasie aan ons KE.

Engen bereken 'n persentasie van die totale maandelikse waarde wat by hulle aangekoop is (soos per kwitansies aan hulle voorgelê).

Total gee elke maand dieselfde kontantbedrag, ongeag van die totale maandelikse waarde wat by hulle aangekoop is.


Die kwitansies word maandeliks versamel en aan Engen en Total voorgelê.

Bring dus asseblief **AL** u betrokke kwitansies en plaas dit in die **houtkassie op die toonbank**

by **Susan Weber** se kantoor in die voorportaal.

Dankie vir u samewerking.

**Brandstof-/diens-
uitgawesbeampte:
Nick Sothmann.**



VOEDKOM
se kassie
vir
kommen-
taar en
kompli-
mente en
die
Brandstof-
strokies se
kassie.

Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.

PLUIMPIES EN DANKIES UIT DIE KE VAN MAUREEN NEETHLING (28/12/22)

Die jaar lê op sy rug en ek doen wat ek doen, maar met 'n nuwe benadering...

Die Desember 2022 **KOLLIG**-blad het 'n mens gevoer na nuwe horisonne! Die treffende voorblad was professioneel gedek vir die feesdae.

Lourens Durand:

Dis net jy wat so 'n treffende voorblad kon aanbied!

(Terugvoer vanaf Lourens:

Sy **KOLLIG**-voorbladfoto het 'n goue sertifikaat gekry en is ook as die kategorie-wenner in die Kersfoto-afdeling aangewys by sy Fotografie-klub.)



**BAIE GELUK, Lourens!
Red.**

Die samestelling van die **KOLLIG** is te danke aan die Redaksie, 'n groep inwoners wat hulle kundigheid gratis laat lewe.

Rita Noeth, jy hou die leisels stewig vas – baie dankie.

Die 68 bladsye se inligting dek alles wat 'n mens moet weet van ons Luilekkerland. Die gehalte van die foto's is puik en die artikels met 'n naam en foto daarby is baie spesiaal – omdat dit belangrik is om te weet wie die persone is wat gratis hulle dienste aanbied om inligting duidelik bekend te maak.

Manie de Jager – jy sê dankie vir beurtkrag! Mooi probeer om positief te wees – dis jou gawe! Ek sal jou raad volg.

Omdat ek in die KE is en nou meer betrokke is by Versorgingsdiens: Groot dank aan **Liz Halewijn, Alta van Dyk**

en Hans van der Merwe wat die kitaar slaan waar dit saak maak.

Giëlie Combrink: Baie dankie vir "Die lewe is moeilik, maar moontlik!"

Liza Oosthuizen beleef baie belangstelling met haar Snoepie-advertensie. Sy en **Petro Grabe** hardloop rond en voorsien in Inwoners se behoeftes sonder om hulle te steur aan die Kersvakansietyd. Julle vul 'n uiters noodsaaklike behoefte in Kokanje!

Mense beweer dat julle party van ons (ouer Inwoners) nie meer sien nie, maar glo my vry, deur die lens van die **KOLLIG** neem ons steeds aan elke aktiwiteit in Kokanje deel!

**Baie dankie –
ons waardeur dit baie!**

UIT DIE PERD SE BEK

HERMAN KRIEL SE LENSOORPLANTINGS

Herman het onlangs 2 lensoorplantings gehad en hy sê hy wil net die waarheid oor die resultate van die operasies rugbaar maak – hy sien blykbaar nou so goed dat hy op 300 meter 'n klein swart miertjie kan hoor loop!



NICO BOTHA SE SKOONMA

Nico Botha sê hy en sy skoonma het die perfekte verhouding – hy neem haar altyd saam met vakansie, want hy haat dit om haar torsiens te soen.

ALBERT VENTER SE SLOTOPMERKING TYDENS VERGADERINGS

"Ek maak net seker ons het nie iets uitgemis wat julle nog wou opbring nie..."

LEON DE JAGER SE RAAD:

Lees gereeld oor voortgesette groei tydens jou aftretydperk, om met grasia oud te word en wanindrukke oor aftrede: www.resetretirement.com – veral 10 Januarie 2023 se feite.



"Selfopgelegde onkunde is nie 'n verskoning nie."



CLEARWATER

PURIFIED DRINKING WATER

RO² WATER RO² ICE



RO² ICE

2,2kg R15,00

3,3kg R20,00



R1
per refill

Total Hardness = 0.00



CLEARWATER
Branded
BOTTLES

072 409 4533



TRADING HOURS:

MON TO FRI	08:00 - 17:30
SAT	08:00 - 13:00
PUBLIC HOLIDAYS	08:00 - 13:00
SUN	CLOSED

Refill of all clean water containers and camping trailers

36 Friedberg Street Modimolle

TDS
15







CareBox



Sometimes all we want to do is send someone a hug and let them know we're thinking about them..

Carebox is a small heartfelt gifting business with a personal touch

Please visit our website: <https://carebox.co.za/> or send an email to hello@carebox.co.za



PENSIONARIS AANBOD
GELDIG TOT EINDE AUGUSTUS

BERGKONINKRYK GASTEPLAAS

DAGBESOEKERS

- Kom maak gerus gratis gebruik van ons geriewe van maandae tot donderdae. Reel net asseblief vooraf met ons

OORNAG FASILITEITE

- Midweek spesiale tarief vir pensionarisse. Betaal slegs R200 per persoon. Maandae tot Donderdae

NAWEEK TARRIEF

- Naweek tarief is R300 per persoon per nag
- Kinders onder 12 is R200
- kinders onder 2 gratis



Kontak besonderhede

Sulita.dekock@gmail.com
0713540110



**NUWE DUBBEL BEDDENS
TE KOOP (NYLSTROOM)
★ R2500 ELK ★**

Aflewering beskikbaar

Whatsapp:

063 679 1646 / 072 754 5583



Olifantspoort Trading /
Vervoer



Herman Niewenhuis

Kerkstraat 105, Modimolle

Sel: 061 354-0459

Kersfees Kinderprogram





matthysen
a u d i o l o g y

Modimolle - Bela-Bela - Mookgophong

GEHOORVERLIES
affekteer nie net ons
kommunikasie nie,
maar ook ons
lewenskwaliteit en
gesondheid.

Hou jou ore fiks. Kies 'n gelukkige, gesonde lewe!
Ons kan jou help... 014 717 1139

**Kom besoek ons gevestigde
praktyk in Kokanje by Dr. Breedts, vir
persoonlike en professionele diens.**

- ▶ **Herstel & Dienste**
- ▶ **Gehoorbekkers**
- ▶ **Wasverwydering**
- ▶ **Gehooraapparaatpassings**
- ▶ **Ondersteunende luistertoestelle**
- ▶ **Gehoortoetse**
- ▶ **Verstellings**
- ▶ **Batterye**

Skeduleer u afspraak by 014 717 1139

BIRDS OF KOKANJE... THE ARROW-MARKED BABBLER

There isn't a garden in Kokanje that is not visited, at least from time to time, by these garrulous, amiable and aptly-named birds, known as 'babblers' in English and 'katlagters' in Afrikaans. They are easily recognised by their porridge-brown plumage, vivid orange eyes and white streaks ('arrow marks') down their front. Their name comes from the call they make, a noisy "chow-chow-chow..." which is usually initiated by one member in the group and followed by the others who each add to the chorus.

These birds live in small family groups, an unusual arrangement in birds, and their loud calling is their way of both maintaining contact and cohesion within the group and keeping other babbler groups out of their territory. Their call is very similar to that of another Kokanje bird, the Green Woodhoopoe (Rooibek-kakeelaar) which has the same habit of living in family groups and does it for the same reasons. Because group living is unusual, babblers have been studied in detail in Africa and elsewhere and a lot is known about how their unusual social system works.

Our Kokanje babblers live in family groups of around 7 or 8 birds, and each of these

groups maintains and defends a year-round territory from other babbler groups. There are probably around 10 such groups here, and between them they have divided Kokanje up, each group occupying around 6 or 7 hectares and each knowing exactly where their boundary ends and their neighbours' begins. From time to time neighbours assemble at their respective boundaries and then the noisy 'chow-chowing' really takes off as each group makes it known to the neighbours as to where their property lies.

It begs the question as to why they live in groups and behave this way.

Well firstly, babblers are mainly insectivorous birds, taking grasshoppers, caterpillars and so on, which they find among leaf litter on the ground – although in Kokanje they are also amenable to stealing scraps off veranda tables. The purpose of the territory is to secure the food resources and prime breeding and roosting sites in a given area for their exclusive use year-round. They know intimately every nook and cranny where food might be found and the best places to nest and sleep. In most insectivorous birds the nestlings produced each year soon leave the breeding pair and find a

place for themselves, but in babblers the young remain on with their parents more or less permanently. Young females sometimes leave the family to test the waters elsewhere but most offspring

stay with their parents who remain the dominant members in the group and who are the only ones to mate and lay eggs.



The younger birds, usually ranked in dominance according to age are simply 'helpers' that assist their parents with defending the territory, building nests, incubating eggs, and feeding and tending the next brood. The probable reason they stay on is that all the suitable babbler habitat is occupied and strongly defended so there's really nowhere to go, and their best hope of ever becoming a breeding bird is to ascend the ranks within the group and eventually take over a parental position and the family territory that goes with it. It might take years and some refer to this explanation as "the patient shall inherit the earth" hypothesis.

So next time babblers make a pass through your garden, remember that they lead stressful, complicated lives, young birds playing along with being subservient within the family cocoon but all the time weighing up the prospect of getting to the top or whether to take a chance and go it alone.

**Warwick
Tarboton**



Bladsy geborg deur **Bokkie en Jorrie Lombard**. Baie dankie, Redaksie.



LABIRINT

Doolhof, slingerpaadjies, klippe, struik, stene, sand – met net één ingang, 'n labirint. Een vir elke mens. Sy eie unieke labirint. Vanaf ver bo lyk dit so volmaak soos 'n wonderwerk. Dan word jy deur 'n Onsigbare Hand nader gebring en voor die ingang neergesit.

Dan begin jy stap. Dit lyk en voel soos 'n doolhof van sinnelose martelgange waar donker jou soms oorweldig. Vrees vir die onbekende gange stu wreed in jou op – soms is die klipprante te grof, die perfek gesnoeië struik ondeurdringbaar, die sandwalle te hoog.

Jy kyk verward om jou heen en dan sien jy 'n volgende opening. Jy strompel-val tot by die volgende gang en die volgende een – links, regs, vorentoe en dan weer agtertoe. Rigtingloos ploeter jy voort. Dit voel vir jou soos 'n ewigheid.

Soms is jy te kwaad en ontnugter om self, sonder jou nabymense – ouers, familie en vriende – so alleen die tog te moet aanpak. Moe-loos, bang, hartseer, droefgeestelik word jy as't ware gestoot soos deur 'n magnetiese veld.

Soos jy voortgaan, kom daar soms emosies van spyt en verwyteling op jou pad. Was daar nie dalk 'n ander gang of opening wat jy dalk nie raakgesien het nie? Jy soek rond in die wasige donkerte, jy sny jou arms en hande stukkend tussen die digte takke en klippe. Jy probeer die sandbanke oopkrap, die klippe skuif, die takke afbreek op soek na 'n alternatiewe gang. Maar, hoe harder jy probeer, hoe vinniger maak die takke weer toe, rol die klippe weer terug en word die sandbanke weer hoog!

Die oorspronklike openinge van jou labirint waardeur jy móés deurgaen, is nêr vir jou geskep. Die ander gange is nie vir jou weë nie.

Soos jy verder en verder op jou voorafbeplande roete gaan, rebellieer jy soms en raak jy teë-sinnig, hartseer. Maar, diep binne-in jou weet jy dié lewensstog sal uiteindelik sielsvrede bring. Jy sien jou eie menslike verganklikheid en tekortkominge raak. Dit word ontbloot met die reis van selfondersoek.

Skielik bevind jy jou in die middel, die binnepunt van jou lewensgange – 'n ruim, ronde sirkel. Die son skyn vriendelik op jou en 'n koel briesie waai jou angssweet weg. Jy voel die vrede, balans en insig – die insig dat die begin van jou lewe en bestaan hier op aarde, die beginpunt van jou labirint-reis was. Daar in die middelpunt omring 'n salige, hemelse sfeer jou. Jy wil net vir altyd daar vertoef.

Jy weet egter jy móét omdraai – 'n hele 360 grade. Jy moet teruggaan vanwaar jy gekom het. Tog vind jy die terugtog nou makliker – die afdraaigange lyk nou meer bekend en nie so donker nie. Dit is asof jy terugreis na die Hand wat jou by die beginpunt geplaas het.

Wanneer jy weer die beginpunt bereik, sien jy dalk uit na die volgende reis. Miskien 'n heel ander reis in 'n heeltemal ander dimensie – wie sal weet?

Miskien sal jy weer meer as een keer dieselfde soektog na binne moet onderneem – saam met die fisiese voeteval, die geestelike roete om elke keer nader en nader aan jou eie essensie te kom.

'n Ander moontlikheid is dat elke keer wanneer jy die middelpunt van jou labirint bereik, jy langer en langer daar wil vertoef en dat dit daar so vreedsaam is dat jy die terugtog onnodig vind. Daar waar jou siel, gees en wese volmaak balanseer.

Ongeag of jy jou labirint net eenkeer binne stap en daar bly, en/of

jy dan 'n heel ander reis in 'n ander tyd en ruimte onderneem, en/of jy dit vele kere stap, mag jou siel en wese altyd onthou (soos hoe om fiets te ry – 'n mens vergeet dit nooit), die mooi van die lewe, die warm gevoel van vergifnis en die geluksaligheid toe jy sielsvrede gevind het op daardie spesifieke oomblik toe die eerste sonstrale blink op die vroeëmorendou.

MAG JOU SIEL DÍT ONTHOU!

Hannah
Esterhuyse



MY BEURTKRAGGEBED

Dierbare Hemelse Vader...

Toe ek vanoggend die voordeur oopmaak
en met die heerlike vars, vroeë oggendlug begroet word,
sien ek hoe pragtig my tuin lyk
na die goeie reën
wat U mildelik (en nie snoep nie)
oor ons uitgegies het.

Heer toe tref dit my:

Al beleef ons elke dag Eskom se beurtkrag,
dat U elke oggend so getrou vir ons
ons dag goed en mooi maak met U Lig.

Ons hoef nooit te twyfel en te wonder
of die son môreoggend weer
ons wêreld sal verlig na die dikke duisternis nie.

U is onveranderlik, standvastig en betroubaar.

Versterk asseblief ons geloof sodat ons onwrikbaar weet dat U nog steeds in beheer is.

Dankie vir hierdie vaste wete.

Amen

Julia Nel

LIPEKKER KITSGEREGTE

SOUTBESKUITJIES

BESTANDDELE:

2 kop Meel
1½ kop Kaas
1 pakkie Wit Uiesop-
poeier
250 gr Botter
knippie Rooi-
peper.

METODE:

1. Smelt botter.
2. Meng kaas, uiesop, meel en rooipeper daarby.
3. Maak balletjies en druk plat met vurk.
4. Bak by 180°C tot goudbruin.



Elsa Watson



SKONS

BESTANDDELE:

3 kop Bruismeel
250 ml houer Room
250 ml Sprite of Diet
Sprite
knippie Sout
Eiergeel geklits.

METODE:

1. Meng bruismeel met sout.
2. Gooi room en Sprite by meelmengsel.
3. Meng liggies om deeg te vorm.
4. Druk plat met die hand op gesmeerde oppervlak tot 2 cm hoog.
5. Druk sirkels uit en plaas op gesmeerde bakplaat.
6. Verf met eiergeel.
7. Bak tot goudbruin by 220°C vir 10 tot 12 minute.

Elize Swanepoel



BOTTERBOON- EN PYNAPPELSLAAI

BESTANDDELE:

1 x 410 blik Botterbone
1 X 410 blik Pynappelstukke
25 ml Maizena
40 ml Stroop of Bruin-
suiker
50 ml Asyn.

METODE:

1. Dreineer botterbone en pynappelstukke – gooi die sous in 'n kastrol.
2. Roer Maizena, stroop/suiker en asyn by die sous in die kastrol.
3. Kook 5 minute tot dik.
4. Meng alles saam en skep in 'n opdienbak.
5. Laat afkoel en hou in die yskas voordat dit opgedien word.

Mari Jacobs



PERSKESLAAI

BESTANDDELE:

1 x 410 gr Koo Perskeskywe
3 eetl Miami Piccalilli.

METODE:

1. Gooi stroop van perskeskywe af en hou eenkant.
2. Sny skywe in kleiner stukkies.
3. Gooi Piccalilli by en roer goed deur.
4. Gooi 'n bietjie van die stroop by en roer deur.
5. Plaas in die yskas en dien op saam met jou ete.
6. Opsioneel: Fyngesnyde groenrissie.



Tientie Meintjes



MAAK JOU EIE "ICE CAP" VIR ROOMYS

BESTANDDELE:

½ kop Kakaopoeier
½ kop Klapperolie (gewoon –
reuk- en geurloos)
4 of 5 stokkies Canderel-versoeter
'n paar druppels Peppermintgeursel.

METODE:

1. Meet kakaopoeier en klapperolie af.
2. Gooi saam met versoeter in mengbak (wat 'n deksel het).
3. Roer goed deur.
4. Kook (sonder deksel) in mikrogolfoon vir 1 minuut op 50% krag. Roer elke nou en dan baie goed deur.
5. Plaas deksel op mengbak en hou by kamertemperatuur tot benodig.
6. Skep lepelsvol oor roomys en wag totdat dit hard word.
7. Bedien roomys.

Rita Noeth



NUWE INTREKKERS

WORD HARTLIK IN ONS MIDDE VERWELKOM!

BARNIE BARNARD (11D) het voorheen in Palm Beach, Kwa Zulu Natal gewoon. Sy familie en vriende in Kokanje is neef Johan Visagie en vriendin Marieka. Sy hoofredes vir die besluit om in Kokanje te kom woon is die Bosveldomgewing, puik versorging en veiligheid. Barnie se belangstellings is reis, tuinmaak en boere-oudhede.

HANNES EN MAGDA BUYS (nee Bester) (45E) het vanaf Ermelo hierheen verhuis omdat dit die middeweg is tussen Tzaneen en Pretoria, waar hul twee kinders woon. Hulle vriende is Errol en Elma de Wet en Dawie en Marie du Preez. Hulle het alreeds by 'n kerk ingeskakel en hul belangstellings/stokperdjies is tuinmaak, stap, kuns en kerse maak.

MÓREEN DEN HEYER (nee Marx) (13D) kom van Centurion. Kokanje se bekostigbaarheid, sekuriteit en die versorging in die KE is vir haar baie belangrik. Sy het reeds ingeskakel by Gimtrim, Aqua aerobics en die Voetslaan-klub. Sy hou haarself verder besig met tuinmaak en lees.



LOUIS EN MARIETJIE JO-CHIMSEN (nee Botha) (50E) kom van die Kranspoort Vakan-

siedorp. Hulle vriende is Jasper en Alida van der Walt en Peet en Alta van Dyk. Wanneer hulle nie rondkuier nie, bly hulle besig met rolbal, jukskei, park run en voet-slaan. Marietjie stel ook belang in lyndans.

GERRIE EN HANNETJIE KRUGER (nee Le Roux) (74F) het voorheen in Alberton gewoon. Hulle vriende in Kokanje is Frik en Alet Grobler en Kobus, Annie en Ester. Veiligheid en goeie gesondheidsorg was die hoofredes om in Kokanje te kom woon. Hulle het reeds ingeskakel by die Voetslaan-klub. Die tweetjies hou baie van tuinmaak, lees en woordsoekspeletjies.

HENNIE KRUGER EN MARIE-THA NOTHNAGEL (nee Jacobs) (112E) het hierheen verhuis vanaf Krugersdorp. Hulle ken reeds heelwat ander Inwoners. Die bepalende faktor vir hul besluit om in Kokanje te kom woon was die



KE. Hulle is nog hard besig om alles in hul huis reg te kry. Hul stokperdjies/belangstellings is naaldwerk, tuinmaak en houtwerk.

JAN EN MAGDA LÜNEBURG (nee Kleynhans) (73F) kom van Koro Creek. Hulle familie en vriende in Kokanje is Frans en Claudina Meintjes, Poppie Kruger en skoonsus, Rina Lüneburg. Gemoedsrus en puik versorging vir hierdie nuwe tydvak wat hulle nou betree was hul hoofredes om in Kokanje te kom woon. Magda is alreeds betrokke by die Gimtrim-, Joga- en Naaldwerkklubs

(kwilt- en borduurwerk is haar voorliefde). Jan speel graag gholf.

HENNING EN ZETTHA MYN-HARDT (nee Kroukamp) (9B) het hierheen verhuis vanaf Cannon Rocks (Ooskaap). Hulle vriende is Ewald en Annatjie le Roux. Die KE, veiligheid, meelewing en versorging is vir hulle baie belangrik, asook om nader aan hulle kinders te woon. Hulle reis graag. Lees, naaldwerk en motors is belangstellings en dinge waarmee hulle hulleself besig hou.



MARILYN SCHOLTZ (nee Bowie) (62E) moved to Kokanje from Bosveldsig Phase 6. Her friends are Claudina Meintjes, Babsie Grobler, Elly Koster, Linda Sprenger and Yvonne Manson. Her main reasons for choosing Kokanje as her new home were the excellent frail care facility, no more house maintenance to be organized by herself and no more cooking during the week! Marilyn joined the Line dance, Sewing and Yoga clubs. Her other interests/hobbies are quilting, ancestry research and gardening.



NUWE INTREKKERS

Vervolg.


JOHANN EN HENNIE SYMINGTON (nee Van der Westhuizen) (24A) kom van Sandbaai, Wes-kaap. Hulle familie/vriende Vernét Driemeyer en Bossie en Rika Davel het hulle oorreed om in die pragtige en bekostigbare (veral Versorging) Kokanje te kom woon. Johann en Hennie het by ABBA ingeskake en hy het geopen tydens die byeenkoms in Februarie. Hennie verf en skryf baie graag en Johann lees.

KERSTEN EN MARETHA VENTER (nee Naudé) (23A) het voorheen in Langebaan gewoon. Hulle is nou nader aan hulle seun wat in Pretoria is. Hierdie twee het reeds heelwat nuwe vriende in Kokanje gemaak! Kersten en Maretha hou van reis, fietsry en jag.

KOBUS EN ANNI VENTER (nee Heyneke-Espach) (44B) kom van Lephalale. Hulle vriende is Herman en Kittie du Preez, Marie Glas, Cecile Coetzee, Rassie en

Charlotte Erasmus, Rina Botha en Daneline Bekker. Hulle het besluit om Kokanje hul tuiste te maak nadat hul dogter, Yvette Malan, hulle aan Kokanje voorgestel het. Hulle het reeds ingeskakel by die Hoekwinkel en die Naaldwerkkklub. Verder geniet hulle gholf, tuinwerk, brei, kook, bak en naaldwerk.

Edelweiss Brits
het die
Nuwe Intrekkers
gaan verwelkom.



BAIE WELKOM,



Nanda Wepener!

Sy is die nuwe
Geregistreerde
Verpleegkundige
van die Kokanje-KE.

DIT IS BYNA WEER KARNAVALTYD IN KOKANJE!

Tradisioneel is dit die mees spesiale jaarlikse gebeurtenis op die Kokanje-kalender, wat daarop gefokus is om al ons Inwoners te vermaak en bymekaar te bring onder feestelike omstandighede.

Ons vat hande met die hele Modimolle-gemeenskap en maak so kennis met die eienaars en werknemers van besighede/ons gereelde borge in die dorp.

ONS TEMA IS DUS BAIE GEPAS:

"LOCAL IS LEKKER!",

met die ondertoon van "Hande vat" met die streeksgemeenskap.

Nooi nou reeds julle familieledes en vriende van heinde en verre om te kom kuier en die dag saam met ons te geniet. So leer hulle sommer meer van ons Kokanje-leefwyse.

Daar gaan sowat 40 stalletjies wees met 'n baie groot verskeidenheid eetgoed, snuisterye en winskopies. Kom ondersteun gerus ons Hoekwinkeltjie en KOOP-EN-VERKOOP-stalletjies met interessante items om opgeraap te word.

Kunstenaars en kinderdansgroepies gaan ons vermaak en die nuutste modes gaan ten toon gestel word tydens die modeparade.

Waterberg Stereo is weer ons gasheer vir 3 ure se heerlike musiek, interessante praatjies oor en bevestiging van ons aftreeoord.

Indien u graag betrokke wil raak by die finale beplanning, skakel my gerus.

Sel: 083 628-0508.

Chris Shepherd

Karnaval Koördineerder.



**KOKANJE
KARNAVAL**

22 April '23 08:30

Kunstenaars

Skouhuise

Waterberg Stereo

Biertuin

Speelarea Gratis Toegang

Local is Lekker

Kontak: 083 628 0508

DIE KOKANJE-WAVE

Daar is die “Mexican Wave” wat gesien en gedoen word tydens Rugby- en Krieketwedstryde.

En... dan is daar die Kokanje-“Wave”! Inwoners, familie en vriende groet en waai vir mekaar wanneer hulle rondstap of –ry. Soms sien jy nog nie eintlik wie dit is wat daar ver van voor af aankom nie, maar jy waai in elk geval. Dit laat ’n mens aan die vriendelike, vrolike en flukse miere dink!

Francois, Hetta Uys se seun, het weer gedurende Desember 2022 kom kuier en haar kom help by die Klank-en-Beeld se Vakansiekinderprogram. Die vriendelike man is doofstom gebore, maar

kommunikeer gemaklik met die Kokanje-Inwoners en hulle kleinkinders – in plaas daarvan om hom te onttrek en dalk te vereensaam. Almal waai en glimlag vir hom, raak aan hom en hulle praat stadig en duidelik terwyl hulle reg voor hom staan. Dan lees hy hulle lippe.

By ’n onlangse Sosiale Klub-byeenkoms het **Hetta en Wenda Olivier** kom gesels oor Gebaretaal en Hardhorendheid (iets waaraan baie ouer Inwoners ly). Die twee dames het ’n “On-line” kursus voltooi om die basiese gebaretaal te kan gebruik en belangstellendes kan gerus op “Google” gaan kyk wat dit behels. ☀

Hetta en Wenda het die gehoor na 2 video’s laat kyk wat

toon hoe dowe mense met behulp van gebaretaal sing – dit was pragtig!

Wanneer ons dus vir mekaar waai of duidelik met die duim (opwaarts) beduie dat dit goed met ons gaan, sluit dit aan by ons breë glimlag, en almal verstaan hierdie kommunikasie-metode!

Wenda,

Hetta en Francois



DESEMBER 2022 SE HEERLIKE KINDERSPELETJIES

Dit was so wonderlik om die Sportsaal te kon gebruik ten tye van die milde reën en ontwrigtende beurtkragsessies. Andersins het dit ook koelte verskaf teen die hittige son.

Getalle het gewissel van 7 tot 18 pragtige kleinkinders van verskillende ouderdomme.

Pieter Knoetze, Christie de Jager, Rita Noeth, Hetta Uys en Francois (haar seun) het weer ’n groot verskeidenheid speletjies en kunsvlytssessies aangebied.

Rondhardloopspeletjies en “Musical chairs” was bo-aan die kinders se gewildheidsleer. **(Kleurcollages op bladsye 34 en 39.)**

Oupas en Oumas of Pa’s en Ma’s het die kleingoed verge-


sel om te help orde handhaaf of hand te gee met moeiliker kunsvlyttakies. Voor hulle dit besef het, was hulle ook ingetrek by die speletjies... Met rustyd het die kinders hulle eie water, koeldrank en peusel-pakkies geniet.

Kinders het feite oor Kokanjedië en –voëls geleer en is toe elkeen afgevaardig om as Junior Wildbewaarders in Kokanje op te tree om veral na die klomp oulike babarooibokkies, -tarentaaltjies en babagebande muishondjies se welstand om te sien. Hulle het ook ’n sleutelhouer vir Oupa en Ouma gemaak om agter die voordeur te plaas, en die nuttelose, tydrowende soektogte na verlore sleutels, uit te skakel.



Mooi versierde sleutelhouers – plankies deur Chris v.d. Walt geskenk.

Dink jy dit is vir ons lekker om jou pak te gee? Dit maak ons baie seerder as vir jou!



KOSBARE EN WAARDEVOLLE ERFSTUKKE

1. ANTIEKE TROUROK – OOR DIE 100 JAAR OUD

Ek kom uit 'n groot en liefdevolle gesin.

Na die afsterwe van my moeder in 1991, is haar trourok sorgvuldig weggebrei in 'n wit kussingsloop, binne-in 'n outas.

Toe ons die huis moes ontruim na die afsterwe van my pappie in 2002, het my jongste suster, Janet, die trourok vir my gegee, met die woorde:

"PAS HOM MOOI OP!"

Die wit kussingsloop, met my mammie se trourok, het saam met my en wyle Olla getrek Kokanje toe.

My dooprok was toe al lankal as 'n muurbehangsel gemonteer en in 2023 het **Berna Moolman van Koro Creek (Selnommer 083 263-5136)** die pragtige meegaande kunswerk geskep.

Moeder se trourok en my dooprok versier nou die mure in my slaapkamer.

Baie dankie, Berna!

Liefies

Hannahbol van der Walt



2. DAAN GRABE SE OSSEWAENTJIE – MEER AS 75 JAAR OUD

Daan vertel:

My ouers, Johannes en Marie Grabe, en ek het in 1947 by Ouma Attie Swartz in Memel gewoon.

Hulle het gemeenskaplike vriende, Tannie Annie Geldenhuys-hulle, besoek. Daardie dag het my pa met hierdie ossewaentjie by die huis gekom en dit vir my present gegee.

Volgens 'n inskripsie onder, agterop die wa het D J S Geldenhuys, PK Bothaspas, Natal dit in 1947 gebou – vermoedelik Tannie Annie se man of seun.

Met al my omswerwinge deur die jare heen het die waentjie effens verweer – hy is darem al meer as 75 jaar oud!

Ek en Petro het **Chris van der Walt (woning 75E)** genader met die versoek om vir hierdie spesiale ossewaentjie

'n kas van hout en glas te ontwerp en te maak.

Hy het self ons waentjie veilig in hierdie pragtige kas kom plaas.

Baie dankie, Chris!

Daan Grabe



Bladsy geborg deur Daan en Petro Grabe en Hannahbol vd Walt. Baie dankie, Redaksie.



**Daan
en
Petro Grabe**



PROFESSIONELE WAARDASIES DU PREEZ NEL

**WAARDEERDERS • TAKSATEURS
VALUERS • APPRAISERS**

POSBUS 1182, KOKANJE, 0515

TEL: (014) 715 2338

SEL: 083 268 3711

dupreezn@telkomsa.net

Kokanje Skoonheidsalon
Kom bedef jouself

Foot & Body
Worx

Dienste:

- Tint
- Waksbehandeling
- Voetbehandeling
- Masseerings
- Naelbehandeling
- Wenkbroue
- Wimpers
- Facials



Mari Mare:
082 874 9249

Pikkie Meubelvervoer

Sedert 1975. LANDSWYD




Bestuur self en toesig vir u gemoedsrus

**Geregistreeerde vervoer
met TOE meubelwa**

Opberging en versekering

Tel: 014 717 3101 of 082 557 0511
Strydomstr. 4, Modimolle (Nylstroom)



Naaimasjien en omkapmasjien Hersteldiens

**Diens en Herstel van alle fabrikate
teen die beste pryse**

ONS DIENS:

- Kokanje
- Koro Creek
- Bosveldsig

Chris De Wet & Seuns
Dalene: 082 213 5111

LIEFDADIGHEIDS- EN TYDVERDRYWINGSPROJEKTE:

WAAR GAAN AL DIE PROPPIES HEEN?

Lena Griesel en Wenda Olivier is die persone agter die skerm van die Koeldrankbottelproppieprojek.

Lena het die projek oorgeneem by haar voorganger en sy en Wenda Olivier lewer die proppies af by 'n privaatskool naby Pretoria-Oos Hospitaal. Die kinders word geleer om uit te reik en liefdadigheidswerk te verrig. Die proppies word elders gesmelt en verwerk tot duursame tuinbanke.

Dis 'n werkskeppingsgeleentheid en die wins word gebruik om rolstoele vir behoeftige kinders aan te koop.

Indien daar persone is wat gereeld na Pretoria-Oos ry, kan julle julle dienste asseblief aanbied om die proppies af te lewer.

Lena: 082 944-9289.

Wenda: 064 757-8594.

Kom help ons om sommer nog BAAAAIE proppies in te samel, asseblief.

Die Liefde van Jesus is Wonderbaar!



...EN DIE POPPIES?

Barbara Potgieter, (en later ook) Riko Snyders en ander Kokanje-dames het voor die Covid-19 inperkings klein poppies gebrei vir babas en kleuters in die FH Oendaalhospitaal. Elsa van Wyk, Anna Rossouw en ander breiers was ook hierby betrokke. (NG Kerk Waterberg se lidmate.)

Gedurende en na Covid het die dames aanhou brei en Corlie Bosman ('n maatskaplike werker in die dorp) is voorsien van poppies vir haar afsetgebied. Talle poppies is ook onlangs na Skukuza geneem deur Leonie du Plessis (onder, regs), om in daardie area se behoefte te voorsien.

Kom brei saam as jy iets nuttigs wil verrig!

Kontak:
Barbara Potgieter
083 308-0375.



KOKANJE-UBERS

Mathilda Rammutla (1.) en Meisie Dacket (2.) van SORG- EN VOEDKOM lewer elke weeksdag (behalwe vakansiedae) kos af by 48 huise van minder-beweglike Inwoners. Pos uit posvakkies en **KOLLIG**-tydskrifte word terselfdertyd afgelewer.

Hierdie voertuig (Die Groen Mamba) is spesiaal omgebou deur Shivers (hulle was ook betrokke tydens die periode toe die Tydelike Kombuis in werking was – verskaffing van die verkoelingsfasiliteit).

Die ander voertuig is 'n golfkarretjie genaamd "Meals on Wheels".



'N IETSIE (HEEL) ANDERS...

Wat doen 'n mens as jy nie eintlik van tuinmaak hou nie en geen behoefte daaraan het om heeldag in jou motorhuis rond te peuter nie?

Dan moet jy jou belangstellings uit 'n wyer veld bymekaarhark en met iets anders vorendag kom. Vroulief raak juis 'n bietjie senuweeagtig wanneer 'n man vir kwaadgeld rondlê en verveling was nog nooit iets waarmee ek groot vriende was nie.

Toe ek 'n slag onrustig op my stoep rondsit, maak ek die volgende lysie:

1. Ek hou nogal van rondry (my bure sal weet dit is die “understatement of the year”), veral in die wildernis van Suider-Afrika.
2. Ek het nog altyd van rekenars en tegnologie gehou.
3. Laas toe ek getel het, was daar sowat 30 000 foto's en video's op my eksterne hardeskyf, hoewel ek vermoed dat daar nog 'n paar duisend iewers wegkruip. Dis moeilik om almal uit te snuffel in die chaos wat ontstaan wanneer jy te veel foto's neem en te min organiseer. Meeste van hierdie foto's is in wildtuine en natuurreservate geneem.
4. 'n Lewenslange belangstelling in die natuur, wat gelei het tot 'n meer formele studie in dier- en plantkunde – 'n stokperdjie wat heeltemal te ver gedryf is.

Die slotsom: Begin “Youtube”-video's maak oor die natuur. Makliker gesê as gedaan. Soms, as 'n mens 'n briljante idee het, moet jy liewers 'n rukkie op die bed gaan lê totdat jy daarvan vergeet het. Maar nouja, ek was nog altyd 'n bietjie roekeloos met nuwe gedagtes. Dus spring ek toe weg met hierdie nuwe idee, soos 'n kleuter wat aan die diepkant van die swembad inspring sonder dat hy kan swem.

Toe die water klaar gespat het en ek worstel om nie te verdrink in my eie oormoed nie, gaan sit ek weer op die stoep en maak weer 'n lysie – van al die probleme wat opgeduik het:

1. Ek sal 'n nuwe program moet aanleer waarmee ek video's en klank kan manipuleer. Dis toe nie so maklik om net te gaan sit en 'n paar foto's en video's aanmekaar te las nie.

2. Die program moet verkieslik gratis wees. Gelukkig kry ek toe “Shotcut”. Na 'n paar weke se Griekspraterij kry ek darem die basiese aspekte van die program onder die knie:

Verskillende video-en-klankbane waarin jy al jou foto's, video's en klankopnames intrek;

Hoe 'n mens stukke uitsny of inlas en die oorgange tussen foto's minder abrupt maak;

Hoe foto's helderder of donkerder gemaak kan word en klank sagter of harder;

Waar 'n mens gratis agtergrondmusiek kan kry en dit op 'n aparte baan kan invoeg as agtergrond tot al jou gepraterij.

3. Die volgende uitdaging was om 'n beter mikrofoon te kry, om te verseker dat daar nie te veel agtergrondgeraas tydens 'n opname is nie.

4. Dan neem dit nogal baie tyd om al die “uum's” en “aa's” uit die klankbaan te verwyder.

5. Hoe gemaak as 'n mens nie 'n professionele fotograaf is nie en baie geduld kortkom wanneer dit by die neem van foto's kom? Hier en daar neem ek wel per ongeluk 'n mooi of interessante foto of video, maar van die materiaal gaan beslis nie in aanmerking kom vir “National Geographic” nie. Na vele introspeksie en selfmarteling het ek toe besluit dat ek openlik sal verklaar dat die fokus van my video's nie op die fotografie sal wees nie, maar op die inhoud en

om interessante vrae te beantwoord – vrae wat die meeste kykers nie eers sal dink om te vra nie. Dit het egter nuwe probleme veroorsaak: Dit het baie meer denke vereis as om bloot net 'n paar mooi foto's en video's op te laai en te sê: “kyk hoe mooi”. Verder het dit ook beteken dat ek wyer moes soek na relevante foto's en soms spesiaal nuwe foto's moes gaan neem om by die onverwagse draaie wat die teks geloop het, te pas. **Byvoorbeeld:** In die Kalahari moes ek die grond-eekhorings se gate gaan afneem



en vir my Marakele-video moes ek my dogter vra om een van haar honde se kiestande af te neem – nie dinge waaraan 'n mens gewoonweg dink nie.

Intussen moes ek meer leer oor “ripple delete”, “split at playhead” en al die honderde filters wat gebruik kan word om jou foto's en klank mee op te tert. Gelukkig het ek gou besef dat daar darem net 'n paar is waarmee jy hoef rond te speel. Wat ek nie aanvanklik besef het nie, is hoeveel weke dit gaan neem om net een 30-minuut video aanmekaar te flans. Maar nou ja, het ek myself getroos, dit is tog die idee van 'n stokperdjie – om jouself besig te hou (hoe langer hoe beter wanneer jy afgetree is).

Om die lewe van 'n “Youtuber” te betree is ook nie 'n stap wat ligtelik geneem word nie. In die eerste plek wil 'n mens nie heeltyd



'N IETSIE (HEEL) ANDERS... Vervolg.

in jou eie gesig vaskyk en wonder wanneer jy so oud geword het nie. Dan stel jy jou ook bloot aan die skuins opmerkings van andere. Oor die algemeen is die kleinkinders se opmerkings redelik positief, hoewel hulle aandag afdwaal wanneer jy te tegnies raak. Middeljarige kinders is egter soms minder vleierend – na my eerste stamelende pogings is ek sondermeer verwys na voorbeelde van hoe 'n populêre "Youtube"-video nou eintlik moet lyk.

Ek moet erken ek was ontnugter, maar het op my tande gekners, vasgebyt en vrede gemaak met die feit dat my eie video's nooit duisende "hits" gaan kry nie. Ek het myself getroos: "Hopelik sal ten minste 'n paar mense dit interessant vind en iets daaruit leer, sodat wanneer hulle weer wildtuin toe gaan, hulle dit meer sal geniet."

Die resultaat tot op hede, is 3 video's waarvan ek die een oor Blouberg (Limpopo) moes oormake omdat die eerste poging nie goed genoeg was nie. Vir diegene wat genoeg data het, hou van "Youtube"-video's en verveeld is, hier is die skakels na my kanaal en die video's oor



Marakele:

<https://youtu.be/vFMPc16zMV8>;

Kalahari:

<https://youtu.be/5lXL3Stq72A>; en

Blouberg:

<https://youtu.be/JXlwxVySrSU>.

Dit is egter makliker om net my kanaal te "Google":

"Youtube Secrets of the African wilderness".

Geniet dit.

Peet van Dyk




ONTHOU ASSEBLIEF!

1. Enige veranderinge aan u woning moet eers goedgekeur word. Daar is 'n spesiale vorm by Anina Pretorius se kantoor wat ingevul en ingehandig moet word.

2. Honde en katte is verbode in Kokanje. Hulle bedreig ons natuurlike diere- en voëllewe. Vanaf **1 Maart 2023** sal Inwoners/Besoekers **beboet** word indien hulle hierdie nuwe Regulasie oortree.



3. Golfkarre * en "Shopriders" * moet by Karen Pienaar geregistreer word. Daarna kan u 'n plakker, met u huisnommer daarop, by Susan Weber bestel – **R10**.



122 *
reeds
geregi-
streer.

4. "Sonde met die bure" word vermy deur u empatie, goeie verhouding met hulle en u uitmuntende kommunikasievermoë – so word probeemies in Kokanje mos uitgestryk!

MY EIE WOESTYNLAND

Die oneindige woestyn
omring my, sluit my in.
Ek kyk om my heen...

Alleen...

Alleen...

In die glooiing van die duin
skitter die son,
maak rimpels soos water –
'n lugspieëling,
'n hallusinasie, 'n fantasie?

Ek stap nader, buk,
strek my arms uit,
kelk my twee hande,
skep, skep vol water,
lewegewende, dorslessende
water!

Ek bring my hande
stadig na my oë.
Ek kyk, vol verwondering –
net maar woestynsand.

Deur God en mens verlaat.

Alleen...

Alleen....

In my eie woestynland.

Ek kniel op die droë,
warm sand,
lig my kop op,
strek my arms opwaarts,
hemelwaarts,
weg van die dorre woestyn
om my.


Dankie, baie dankie my
Hemelse Vader
vir die ontdekking,
die bevestiging,
in hierdie onherbergsame
landskap,
dat U nog altyd en vir altyd
in beheer is.



Julia Nel

(Geskryf tydens
die Covid-19 Inperkingstyd.)

Bladsy geborg deur **Hannahbol vd Walt**. Baie dankie, Redaksie.




Ons koop
bakkies, karre
karavane, waentjies

Derrick 0836580986

doen alle papierwerk namens verkoper

SKOONMAAK VAN:
MATTE
SITKAMERSTELLE
EETKAMERSTELLE
VOERTUIG SITPLEKKE
ENIGE STOFFERING

GOU DROOG, EIENAAR TOESIG.
14 J DIENS
DERRICK 0825397168



Waterberg Quickdry



PRETORIA OOGINSTITUUT
PRETORIA EYE INSTITUTE

Dr Johann Grobbelaar
Oogspesialis / Eye specialist

Nylstroom besoeke elke 2e week
by Dr M Veldman se kamers

Afsprake: 012-3438333 / 5
Adres: Thabo Mbeki rylaan nr.39

SETTLERS AGRI-MUSEUM SE VETERANEKLUB BENODIG NUWE LEDE



Sowat 30 kilometer vanaf Bela-Bela en Modimolle is die dorpie Settlers, geleë in die Springbokvlakteboeregemeenskap. Die dorpie bestaan uit 'n paar huise, 'n hotel, die Boereverenigingsaal, Settlers Service Station, 'n paar klein winkels, die VKB-korporasie, 'n kliniek, en dan natuurlik die Settlers Agri-Museum – die grootste Veteraantrekker en -enjinmuseum in Limpopo.

Ons klub bestaan uit afgetrede boere en 'n paar mans wat in Kokanje en Bela-Bela woon.

Die trekkers en enjins word gerestoureer tot hulle oorspronklike glorie en word dan in die Museum uitgestal. Ons het reeds oor die 30 trekkers en dieselfde hoeveelheid enjins – hulle loop (en brul) almal, soos van ouds!

Ongelukkig het ons die afgelope paar jaar van ons lede aan die dood afgestaan, waarvan Robbie Weir, ons stigterslid en voorsitter, een was. Ander lede is op die krankelys.

Een van Robbie se trekkers, wat deur ons klub gerestoureer is, het op die "Working 400" by

die Sandstone-saamtrek in 2004 die prys gewen as die besgerestoureerde trekker by daardie byeenkoms.

Ons moet iets reg doen, want KYKNET het ons genader en gevra of hulle 'n program vir Kwêla oor ons kan maak. Die stuk is in 2019 gebeeldsend op TV en ons kon nie droom dat dit toe die beste, uit 10 produksies, van daardie jaar op Kwêla sou wees nie.

Daar was ook 'n artikel in "Weg Platteland" oor die Veterane, hulle vrouens en die Museum.

Ons het 'n ou Sendingkerkie, wat op een van die plase gestaan het, verskuif na die Museumterrein en dit word tans gebruik as 'n museum waar talle ou huishoudelike artikels en kleiner oudhede uitgestal word. Ons het 'n skenking

van oor die 80 naaldwerkmasjiene gekry, waarvan party dateer uit die agtienhonderds. Die projek word deur een van ons vrouens bestuur en daar gaan gepoog word om nog oudhede van die Vlakte, wat dalk verlore sou gaan, daar uit te stal.

Ons werkswinkel het na die Museumterrein verskuif. Alles is nou bymekaar en wanneer ons elke Woensdag aan die ou trekkers en enjins werk, kan ons die Museum en kerkie oopstel vir besigtiging (volgens afspraak).

Ons volgende Opedag sal in 2024 plaasvind.

Intussen is ons besig om nuwe lede te werf, wat kan kom saam werk en kuier. Al die belangstellende mans in Kokanje en die dorp is baie welkom om my sommer dadelik te kontak.

Nick Noeth
083 300-2644.

Die Veteraanklub, met Kokanjelede Nick Noeth agter, heel links en Pieter Lubbe voor, heel links (tydens hulle Kersfeesfunksie van 2022).



SATELLITE CONNECTION

Supply - Repair - Installation
All Audio | Video & DSTV Systems

www.satelliteconnection.co.za 014 717 1551 / 082 494 3132

MC Creations

Decorators, Curtain and Linen, Function Coordinators
and Furniture Suppliers

Aiombekend vir:

BINNEHUISVERSIERING & DEKOR
GORDYNE & LINNE
TAFELDOEKE
STROOIKUSSINGS
LAMPSKERMS
PERSIESE MATTE
ANTIEKE MEUBELS & WARE
SILWER, KRISTAL EN PORSELEIN

ONS KOOP OOK VERSAMELSTUKKE AAN

CHRIS DYZEL

☎ 079 891 4309

✉ chris.dyzel70@gmail.com

JOHAN ESTERHUIZEN

☎ 081 554 6540

✉ johane1979@gmail.com

ONS Q VIR JOU!

- > Het jy getrek
en wil jou voertuie registreer
in Limpopo?
- > Of wil jy net jou lisensieskyfie hernu?
- > Het jy 'n nuwe motor gekoop en wil dit
registreer en lisensieer;
nuwe nommerplate maak;
of 'n voertuig van jou naam afhaal?



Kontak my gerus!

Vir enige navrae oor motorlisensies:

Skakel of WhatsApp

Susan Weber: 079 531 5027

of kom sien my by
die Kokanje administrasiegebou.

TRIPPING THE LIGHT FANTASTICK WITH ALZHEIMER'S...

(Attributed to John Milton 1632 – A'llegro or
John W. Blake's song "The Sidewalks of New York" 1894.) ☼

An odd title for what would normally be called a "journey" when my spouse was diagnosed with Alzheimer's in 2018, but that was the feeling I finally had after a visit to see Alastair mid-January. The only words that the Neurologist said and which resonated in my brain after the diagnosis were "life style change". Returning home to Lydenburg after the diagnosis I joined the Alzheimer's Association. Alastair, Nicola, Angus and I had a meeting with one of their counsellors and I signed up for a two day workshop which was invaluable for coping with the times ahead. All roads, instead of leading to Rome, led us to Kokanje, which was perfect and it didn't take long for Alastair to become well known and it's been very special for me to have residents still enquiring after him.

But Alzheimer's doesn't "stand still" and Alastair was regressing. I was needing to make a plan if I was to get back to my "roots" in New Zealand to see my twin sister and two older

brothers and their families. I needed a temporary solution to where Alastair could stay, have space to walk around but still feel safe and secure – **he had farmed all his working life so was used to wide open spaces.*** Angus suggested that we should try out what we thought may be a suitable venue before I went to NZ, just in case!

It's been a year since I dropped Alastair at Midway where he settled in so well he is still there. For me it's been an emotional roller coaster of a year that I have gone through but finally I could come to the conclusion that he now feels "at home". I have learnt to slow down and enjoy the moments I have with him.

So from the days of "tripping up" to a "quick-step" it's become a slow romantic Foxtrot to which all the family are now dancing to with smiles on their faces and peace and contentment in their hearts knowing he is content and "at home".

Marion Moir



Alastair Moir

* Alastair had managed Coromandel Stud Farm, Lydenburg, for Sydney Press. View of farm – stables in view.

An Alzheimer's Poem
Do not ask me to remember.
Don't try to make me understand.
Let me rest and know you're with me.
Kiss my cheek and hold my hand.
I'm confused beyond your concept.
I am sad and sick and lost.
All I know is that I need you to be
With me at all cost.
Do not lose your patience with me.
Do not scold or curse or cry.
I can't help the way I'm acting,
Can't be different though I try.
Just remember that I need you,
That the best of me is gone.
Please don't fail to stand beside me,
Love me 'til my life is done.



Sent in by **Elsa du Plessis.**



EKSPERIMENTEER – OEFEN 'N BIETJIE

1. 'n Goeie begrip het 'n halwe woord nodig, maar lees jou WhatsApp-boodskappies eers deur en **bring verbeterings aan** voordat jy dit uitstuur.

Gaan druk met jou vinger net regs van die fout en druk "X" om die vorige letter/syfer uit te vee. 'n Hele woord kan uitgevee word deur daarop te druk totdat dit groen word en dan die "X" te druk.

As jy sukkel om 'n spesifieke letter/syfer te bereik, druk 2 keer op die verkeerde woord. Daar verskyn 'n groen "druppel" onder die woord wat jy met die vinger links of regs kan skuif tot presies op die verkeerde letter/syfer.

Daar verskyn terselfdertyd 'n vergrote weergawe bo die woord en die fout kan dus maklik gesien word.

Tik nou die regte inligting en stuur jou boodskap 100% foutloos uit.

2. a. **Blok inkomende oproepe** (mense wat meningspeilings doen of voorafopgeneemde boodskappe bv. die lastige oproep met die boodskap "press 1 now, press 1 now..."):

Gaan na jou selfoon se oproeplys (groen met wit telefoontjie) en druk op die nommer tot 'n itemlysie regs verskyn. Kies "block contact" – jy kan terselfdertyd die nommer ook "delete". Om die nommer weer in werking te stel, druk op die nommer en kies die "unblock"-opsie.

b. **Blok inkomende WhatsApps:**

Gaan in op die boodskap. Druk op die 3 kolletjies heelbo regs op jou selfoon. Druk "more" en dan "block".

3. **Maak selfoon se skerm/gesig duideliker/helderder:**

Trek met jou vinger op jou foon se voorblad/gesig van bo na onder om 'n itemlys te laat verskyn.

Op die "control panel" gaan na die sonnetjie en trek die wit kolletjie na regs sodat die hele blou lyn vol is. (Maksimum.)

4. **Maak sel se klank harder:**

a. Aan die regterkant van jou selfoon (bokant die aan/af-knop) is 'n langer langwerpige knop. Druk aan die bokant daarvan totdat die klankaanduier heel bo is of so hard as wat jy dit verkies.

b. Bel of antwoord jou sel gewoonweg, maar druk die "speaker"-tekentjie regs om dit op "speaker phone" te gebruik.

5. **Iemand het vir jou 'n WhatsApp gestuur en die persoon is nie op jou kontaklys nie:**

Gaan in die boodskap in. Druk op die 3 kolletjies heel regs bo. Kies "Add to contacts" en "Create new contact". Dan sien jy die persoon se naam en kan jy besluit om die regmerk bo regs te druk en dit te stoor op jou kontaklys, of om die "X" te druk en die persoon se besonderhede nie te stoor nie.

6. a. Iemand het heelwat versies of WhatsApp-boodskappies aan jou gestuur. **Jy wil op een spesifieke item reageer:**

Gaan in op die reeks boodskappies. Kies die een waarop jy wil reageer deur jou vinger van links na regs daaroor te trek. Die boodskap word gedupliseer met spasie onderaan vir jou kommentaar. Tik en stuur die antwoord, of indien jy besluit om nie meer te reageer nie, druk die "X" en verlaat die kontak se boodskappies met behulp van die driehoekies heel onder.

b. Jy kan ook blitsvinnig en woordeeloos antwoord. Druk op die boodskappie. Dit word blou en daar verskyn 'n wit lyn met 6 Emoji-tekentjies. Kies die een met die gepaste emosie. Dit sal onderaan die boodskap gevoeg word en dadelik na die ander persoon gestuur word.

Hierdie instruksies (en dié in die Kersfees 2022 KOLLIG) is spesifiek bedoel vir Huawei selfone.

Daar moet genoeg data beskikbaar wees.

Beurkrag veroorsaak soms probleme, wag tot die krag aan is. Indien alles dus nie op jou foon werk nie, kontak asseblief vir Jill Cairns van KOREK om hulp te verleen. Sel. 083 230-4574.

Lugtyd is te koop by Liza Oosthuizen in die Snoepie/Kiosk. Sy kan ook handgee met die laai daarvan.

ALLES IN EEN,  MAMS...

Chris van Zyl het onlangs, tydens 'n KOREK-vergadering, gemeld dat jou selfoon eintlik 'n rekenaar is.

KOM ONS KYK NA DIE MEES BEKENDE EN BELANGRIKSTE FASILITEITE/FUNKSIES WAT OP JOU SELFOON VOORKOM:

1. **Telefoon:** Gesels met familie en vriende.
2. **Stuur SMS- of WhatsApp-boodskappe:** Geskrewe of stemopnames.
3. **Kamera:** Neem foto's en stuur dit aan kontakte/kennisse. Jy kan ook collages maak.
4. **Notaboek:** Maak nota's van dinge wat jy moet onthou.
5. **Dagboek en kalender:** Maak inskrywings op spesifieke dae waarop dit aandag verlang.
6. **Horlosie/wekker:** Jy sien hoe laat dit is en kan die alarm stel om jou wakker te maak of aan vergaderings te herinner.
7. **"Calculator":** Maak berekenings.
8. **Liggie in die donker.**
9. **Via Google:**
 - a. Lees jou Bybel of boeke.
 - b. Naslaanwoordeboek.
 - c. Luister Radio of musiek.
 - d. Gebruik GPS.
 - e. Lees/kyk nuus op Facebook.
 - f. Doen Marknavorsing. **(Pryse van items om te verkoop.)**

SKULPIEPRAG

ELSA EN HEYMIE HEYMANS SE STOKPERDJIES

Elsa en Heymie het oor me-nige jare kartondose vol prag-tige skulpe opgetel op die strand by Nature's Valley. Hul-le familie het die vakansiehuis om die beurt gebruik.

Tydens die Covid-19 inperking het Elsa al die pampoentjies en ander skulpe uitsorteer en collages gemaak wat nou prag-tig geraam is in boksrame en die mure van hulle Kokanje-huis versier.

Sy het die geel bottel Alcolin-kouehoutgom gebruik vir die plakwerk en Elize Heyneke (072 446-4307), hier naby, het die boksrame voorsien.

'n Kleindogter en kleinseun het ook collages help maak, maar daar is so baie skulpe oor dat dit vir Elsa nog 'n baie lang tyd besig gaan hou.

Elsa het aan vele van Kokanje se Kultuurkomitee produksies deelgeneem, want sy dans en sing graag en tree gemaklik op op die verhoog. Sy bly soepel as lid van Gimtrim en doen ook Joga. Kunsnaaldwerk is een van haar stokperdjies.

Heymie lees baie graag en verfraai die tuin. 'n Tong-in-die-kies opmerking deur hulle kinders: *"Pa messel altyd die klippe goed vas, anders ver-skuif Ma dit elke dag rond na ander plekke."*



"PICKING UP PEBBLES..."

Song by Cornelia Dahlgren.

Look at the kids
on the sandy shore
Watching the tide come in
I used to do the same things
What pleasures did it bring.

Picking up pebbles and
throwing them into the sea
Watching the white surf
carry them all back to me.

But now it's all over
I've grown up
it don't seem the same
The things in my childhood
I know were always a game.
Wouldn't it be nice if the clock
could be turned back
in years?

Just to relive the good times
and all of those years.

Oh God it brings joy
to see them looking so gay
How I wish I could go back
to my childhood days.



**Luister na hierdie gunsteling
liedjie uit die dae van ons
jeug, deur op Google in te
gaan en die naam en sanger
van die liedjie in te tik. Druk
die driehoekie om die liedjie
te speel.**

My wens vir jou vandag :
Liefde so diep soos die see
Vriende so eg soos diamante
Geluk wat skitter soos goud en
Seëninge so ontelbaar soos sand !
Geseënd is
jy vandag !



BIBLIOTEEK – MAART 2023

Ons is al klaar weer 3 maande diep in die nuwe jaar en sien met verwagting uit na al die goeie dinge wat hopelik vir ons voorlê. Graag wil ek dan namens ons Biblioteekpersoneel vir al ons lesers baie ure van leesgenot toewens. Daar is weer 'n paar nuwe boeke aangekoop en tot ons groot vreugde kon ons werklik goeie grootdrukboeke in die hande kry – kom kyk gerus!

Graag herinner ons julle ook net daaraan dat ledegeld jaarliks in Maart betaalbaar is. **(R30.)** Maak dus seker dat julle vanaf 1 April boeke kan uitneem.

By die Algemene Jaarvergadering van die Biblioteek is die volgende persone as bestuurslede verkies:

Saartjie Smit (Voorsitter, Sel: 083 283-8236),
Dinie Botha (Ondervoorsitter),
Maryna Hattingh (Tesouriere),
Tina Brits (Sekretaresse) en
Wena de Kock (Addisionele lid).

BOEKBESPREKING DIE SLAG VAN DIE BREEK- BRANDER – E. KOTZE.

'n Aangrypende verhaal van oorlewing, verlies en liefde. Sy skryf

hier oor die oorweldigende skok en alleenheid toe sy haar man, Willie, na 'n jarelange stryd teen kanker verloor. Oor herinneringe aan kosbare tyd saam met hom – die baasskipper en onvergeetlike mens – en hoe sy moes leer om sonder hom die aanslae van die lewe te trotseer.

E. Kotze (Sussie) is 'n bekroonde skryfster van 'n aantal romans en kortverhale wat hoofsaaklik handel oor die Weskus en die see.

SPIEËLTJIE SPIEËLTJIE – JAN VERMEULEN

Doktor Olaf Demeyer herstel nog van sy vierdubbele hartomleiding en die trauma van vorige ondersoeke waarby hy betrokke was. Hy moes aftree as forensiese profileerder van die SAPD.

Dan roep Lucida Winterbach sy hulp in omdat sy glo 'n moordeenaar teiken die studente van haar skool vir skoonheid en modelwerk. Die meisies is blote tieners met drome van skoonheidstitels en modelkontrakte, totdat van hulle op die bodems van swembaddens in die omgewing gevind word.

Olaf besluit om gehoor te gee aan haar versoek.

MARILYN (IN GROOTDRUK!) – CHANETTE PAUL

Marilyn is in die pylvak van haar lewe en sy het gedink dat sy gelukkiger as ooit is – maar wat toe nie die geval is nie. Met die pandemie wat die wêreld op sy kop keer en die naderende ouderdom wat haar al hoe meer bewus maak van haar sterflikheid, gaan haar gedagtes aanhoudend terug na die verlede. Sy was naïef genoeg om te dink die meetsnoere begin nou vir haar in die regte plekke val, tot die dag voor die eerste grendeltydperk toe sy besef 'n mens se sondes haal jou altyd in. Selfs sondes wat jy nie gepleeg het nie, maar wel 'n aandeel aan gehad het.

Saartjie Smit



Elsie Nel

BRUGKLUB

'n Nuwe jaar met nuwe uitdagings! Alle nuwe intrekkeers en ou Inwoners wat lus het om te kom brug speel, is baie welkom. As u nie kan speel nie, dan leer ons jou.

Die Brugklub van Kokanje bestaan al baie jare lank. Ek kan nie met sekerheid sê nie, maar seker meer as 20 jaar.

Ons vergader elke **Maandag en Vrydag om 13:30 vir 14:00 tot 16:30 in die eetsaal** om lekker gesellig saam te speel. Dinsdae, Woensdae en Donderdae is daar ook lede wat 'n span bymekaar kry om 'n potjie brug aanlyn te speel.

Ons het gedurende die grendeltyd begin om aanlyn brug te speel, wat ook baie lekker is. Indien enigiemand sou belang stel om aanlyn te speel, is u welkom om James Wallis te kontak by jameswallis@gmail.com.

Op meegaande foto's kan gesien word hoe ons op 21 Januarie die nuwe jaar afgeskop het met 'n heerlike bring-en-braai in die Lapa.

Sou u belangstel om by ons klub aan te sluit – kontak gerus vir **Willem Kroeze (082 672-4460)** of **Elsie Nel (082 462-0830)**.

As u wil – kom loer sommer in en sien wat by ons aangaan!





Verdien tot R8 per liter aan E-bucks per kwartaal as jy by Engen jou motor se tenk volmaak.

Punte met jou Clicks kaart deur jou motor se tenk by Engen vol te maak.

Maak gebruik van die Engen promosie op talle kwaliteit produkte.

Maak gebruik van die bakkery se kwaliteit en smaaklike produkte – koffie, burgers, pasteie, broodjies, muffins, "slap chips", iets vir kinders se skoolkosblikkie, die soet tand en meer.



Doves Begrafnisdienste is 'n gevestigde ondernemer en bestaan reeds meer as 100 jaar. Daarom kan ons met vrymoedigheid sê: "Ons ken die bedryf"

Doves bied 'n verskeidenheid van dienste:

- * Volledige Begrafnis
- * Volledige Verassing
- * Grafstene
- * Polisse

Begrafnisse of verassings sluit in:

- * Kis
- * Uitvoer van diens by kerk en graf
- * Reël van doodsertifikaat en registrasie by binnelandse sake
- * Reël van Begrafnisbriewe
- * Reël van Blomme
- * Skakel met Predikant of Pastoor

Eksel, Christo Stander is reeds 26 jaar in die bedryf en kan u behulpsaam wees met enige navrae. Vra gerus die vrae wat u al lankal kwel.

Seën vir u en u familie
Christo Stander
Bestuurder
Doves Modimolle en Bela Bela
072 280 4564

078 873 4914

bosveldglas9@gmail.com

**BOSVELD
GLASS**

082 821 9619

105B Thabo Mbeki Str. Modimolle, 0510 014 717 2693



Hannelie de Beer Fisioterapie

(Praktyk nommer: 961906)

Nuwe Fisio in Nylstroom en Warmbad
Bekwame terapeut met oor 15 jaar
werksondervinding in Suid Afrika en Australië.

In Nylstroom reg oorkant rolbalbane
en in
Warmbad langs Natspat Swem
Akademie!


Kontak gerus **078 426 9685** vir enige
navrae.

hdebeerphysio@gmail.com

BRING ADVERTENSIE SAAM VIR 10 % AFSLAG!



Bergstryd
Singel
No 7



Cloud Nine
beds for the rest of your life

Rest Assured
comfort for life



DIREK VAN FABRIEK NA JOU
IN KOKANJE, PRETORIA EN JOHANNESBURG
Laagste Pryse | Aflewering ingesluit in Kokanje



Alle Beddens Waaborg 1-2 Jaar
Warranty 15-20 Jaar
Beddens is goedgekeur deur
Chiropractic Association of South Africa

Cloud Nine

137 BASE SET
From R7999



Pieter Knoetze, Kokanje 57F
079 041 2878
pieterknoetze13@gmail.com

Vriendin...

Het jy gehoor van Hunky Dory
Koffie, Kuns en Skoenwinkel in
Nylstroom?



**hunky
dory**

117 Nelson Mandela Dr. (Langs NTK)
083 490 8598

Mans Haarsny
Dames Haarsny
Blowave
Set
Tint / Hi-light
Perm

KE asook Huisbesoeke beskikbaar indien
dit nie moontlik is om Salon toe
te kom nie.

Skakel gerus of kom loer somer in
om u afspraak te maak.

Besigheidsure
Maandag - Vrydag
7:30 tot 12-30

Eloisa
Tel: 082 466 6806

Salon Kokan Mari





Damesklub modeparade



LA BROUSSE

B I S T R O



"The finest dining experience"

**Bosveldsig Centre, Maroela Ave
Modimolle**

014 161 0946



Solitaire Hair
by Mariana • MODIMOLLE •



Left to right:
Zephni, Bekkie,
Mariana, and
Corinne.

kalahari™
ancient desert secrets

by
Carina Franck

Trusted skincare brand from ancient
desert secrets with de-aging properties

Stockists of:

NIOXIN
#1 solution for thinning hair

REDKEN
5TH AVENUE NYC



PAUL MITCHELL
PROFESSIONAL QUALITY PRODUCTS

INDOLA
PROFESSIONAL

Kadus
PROFESSIONAL



Services:

We only use the best quality products on our clients

- Colour & Cut • Perm
- Brazilian hair straightening treatment
- Brides & bridesmaids (can arrange to travel to venue)
- Extensions • Highlights
- Variety of hair treatments • Gents & Boys cuts

LOADSHEDDING?

No problem – we can still help!

Mariana 072 823 2806

Zephni 079 142 6056

Corinne 082 468 3803 (Nails)

KERSFEES 2022 SE FEESMAAL

Kersfees 2022 is nou reeds geskiedenis. Vir die meeste mense is Kersfees die een dag in die jaar wanneer hulle graag saam met hulle familie en ander dierbares wil deurbring en so was dit ook die afgelope Kersfees. Die tafels kreun gewoonlik onder die lekkerste geregte wat spesi-

aal en met moeite voorberei word, om van die heerlike poedings nie te praat nie. Ek onthou

nog die doekpoedings wat so lekker en interessant was, soms met 'n muntstuk (hopelik skoon gewas) wat iemand in sy/haar skeppie sou kry.



Dit is ongelukkig so dat sommige van ons Kokanje-Inwoners nou nie meer so bevoorreg is om sulke familiefeeste te kan bywoon nie. Die afgelope paar

jaar het Jan en Marie Botha egter 'n geleentheid geskep vir die tuisblyers om ook 'n heerlike Kersmaal te geniet. Noudat hulle weg is, het Michiel en Susan Human die inisiatief geneem en reëlins getref om 'n Bring-en-Deel-Feesmaal te reël vir Kersdag vir diegene wat nie elders by familie of vriende kon inskakel nie.



Voor: Michiel en Susan.
Agter: Gerrie en Madelein.

Watter voortreflike geleentheid was dit nie – teen 'n minimale koste van R15 p.p. (vir die opwas van skottelgoed deur die kombuispersoneel na die tyd) en 'n bietjie moeite vir ons dierbare dames wat elkeen 'n vleisgereg en 'n bakkie slaai of bykos gebring het. Dit alles is op die lang Kerstafel geplaas sodat elkeen homself kon help, en daar was oorgevloedig vir almal om 'n tweede of selfs 'n derde porsie te geniet. Ons het heerlik aan die groot verskeidenheid gesmul. Roomys is as nagereg bedien. Die foto links toon die kostafel wat tot oorlopende toe gelaai was met al die heerlike disse.

Die tafels waarby aangesit is, was getooi met tafeldoek en eetgerei wat deur Kokanje voorsien is. Maar, soos altyd, was daar weer 'n paar vrywillige helpers wat vir Susan en Michiel bygestaan het met al die voorbereidings en versierings. Gerrie en Madelein Farrell was hulle regterhande met die algemene reëlins, klank, ens.

Namens die sowat 50 Inwoners wat die heerlike, gesellige geleentheid bygewoon het, ons hartlike dank aan Michiel, Susan, Gerrie, Madelein en almal wat gehelp het om dié feesmaal suksesvol aan te bied. Ons vertrou dat ons hierdie jaar weer so 'n heerlike geleentheid sal kan geniet en dat meer van ons Inwoners dit kan bywoon. Maak sommer nou al 'n aantekening op jou dagboek om Maandag, 25 Desember daarvoor te bespreek.

Mervin en Dawn
Burger



KERSLIGGIEFEES

Wat sal Kokanje in Desember wees sonder die pragtige liggies by die Rus-'n-Bietjie-Dam?

Vanjaar, soos in die verlede, was dit weer 'n ongelooflike skouspel van lig en kleur!



Ek wil graag namens al die Kokanje-Inwoners, wat in die heerlike someraan-de gaan "liggies kyk" het, vir **Marius Badenhorst en sy Werkswinkelspan**

bedank vir wat hulle daar geskep het. **Hulle verdien 'n medalje!** Soos in die verlede het hulle weer die terrein in 'n pragtige nagtelike landskap omskep vir oud en jonk om te geniet.

Veral die kleinkinders, wat vir Oupa en Ouma kom kuier het, het dit so geniet om tussen die liggies in "Feetjeland" te baljaar.

Elke jaar lyk dit 'n bietjie anders en word nuwe idees vir dié skouspel ingespan om dit so kleurrik en vrolik moontlik te maak om te pas by die gees van Kersfees.

Ongelukkig moes die liggies, kables en skakelaars weer verwyder en gebêre word tot Desember, wanneer ons hopelik weer die heerlike Liggiefes gaan beleef.



Mervin Burger

SELFOON- EN GROEPIE-ETIKET

Maksimum benutting en neem mekaar in ag...

1. Die "Seniorlui":

Lui vir 'n paar luie en sny af. Tel tot 10 en lui vir 'n tweede keer.

Rede: Die ander persoon het nou na die foon gestap of dit uit haar handsak gehaal en sal dit heel moontlik dadelik antwoord.

2. Indien die persoon nie die tweede lui beantwoord nie, bel later weer of laat 'n WhatsApp- of mondelinge boodskap met jou **vraag wat beantwoord moet word**. Wanneer daardie persoon beskikbaar is, word jou oproep/vraag beantwoord.

3. Beperk "**besigheidsoproepe**" tot senior burger "**besigheidsure**" bv. 09:00 – 13:00 en 15:00 tot 18:00. Sommige Inwoners slaap straks 'n bietjie later as jy en/of maak gebruik van die agtermiddag om te gaan skuinslê. Hou oproepe kort en kragtig – die ander persoon het dalk verpligtinge wat baie van sy/haar tyd in beslag neem.

4. **Privaatoproepe** tussen vriende en familie kan plaasvind na aanleiding van tye aan mekaar bekend of onderling ooreengekom.

5. **Video's, versies en mooi boodskappies** is pragtig en beemoedigend, maar beperk dit tot 1 of uiters 2 per dag na persoonlike kennis/groepies. Dit is heeltemal onvanpas en nie toelaatbaar op "besigheidsgroepe".

6. **Geen vulgêre/rassistiese materiaal hoort op selfone/groepe**.

7. **Noodoproepe** is ongeskiedleerd en moet so hanteer word. Dit is prysenswaardig dat Inwoners mekaar so mooi ondersteun in tye van nood.

Ettie Kett




THE HISTORY OF THE HUMBLE APRON



Aprons were recently given a new lease on life by various cooking competitions like Master Chef and Chopped, etc.

The principle use of Grandma's apron was to protect the dress underneath because she only had a few. It was also because it was easier to wash aprons than dresses and aprons used less material.



But along with that, it serves as a pot holder for removing hot pans from the oven. It was wonderful for drying children's tears, and on occasion was even used for cleaning out dirty ears.

From the chicken coop, the apron was used for carrying eggs, fussy chicks, and sometimes half-hatched eggs to be finished in the warming oven.

When company came, those aprons were ideal hiding places for shy kids. When the weather was cold, Grandma wrapped it around her arms. Those big old aprons wiped many perspiring brow, bent over the hot stove.

Chips and kindling wood were brought into the kitchen in that apron. From the garden, it carried all sorts of vegetables. After the peas had been shelled, it carried out the hulls. In the fall the apron was used to bring in apples that have fallen from the trees.

When unexpected company drove up the road, it was surprising how much furniture that old apron could dust in a matter of seconds.

When dinner was ready, Grandma walked out onto the porch, waved her apron, and the men folk knew it was time to come in from the fields to dinner.

It will be a long time before someone invents something that will replace that 'old-time apron' that served so many purposes.

Grandma used to set her hot baked apple pies on the window sill to cool. Her granddaughters set theirs on the window sill to thaw.

Typed and sent in by **Gerda J. van Rensburg**.

Annette van Dyk, Elsa du Plessis and Martha van Zyl also agree with the above.



TALENTE SONDER WEERGA

Nadat ek vanuit verskeie oorde van verskillende prestasies van Babsie Grobler-Crafford verneem het, kon ek die volgende feite inwin en hierdie artikel vir ons lesers saamstel.

Babsie se passie vir deelname en prestasie begin by haar moeder wat by haar kinders ingeprent het – **"as jy nie iets goed kan doen nie, dan doen jy dit nie!"** Dit het haar geïnspireer om altyd te poog om net haar beste te lewer. Daarbenewens het sy by haar broer (11 jaar ouer as sy) geleer om te volhard. Sy leuse was: **"Aanhouer wen!"** Hy versterk haar bykans elke dag tydens haar skooljare deur haar in atletiek te drill en te laat oefen. Gevolglik behaal Babsie uitstekende prestasies in verspring en naellope.

In 1985 het sy Suidwes(Namibië)-Meestersatletiekkleure (verspring en naellope) verwerf.

Steeds op soek na nuwe uitdagings en stokperdjies, begin sy in 2006 met Lyndanse op Provinsiale en Nasionale vlak. Sy verwerf haar "Teachers Diploma" by SADTA (South African Dance Teachers Association). Sy gee daaglik les by Abraham Kriel-Kinderhuis, skole in Phagameng en ook private afrigting elders. Deur aan verskeie kompetisies deel te neem, presteer sy ook op Nasionale vlak. In Januarie 2011 verteenwoordig sy Suid-Afrika in Nashville, Tennessee in die VSA waar sy as Wêreldkampioen in haar ouderdomsgroep in al drie genres met goud bekroon word.

In 2018 begin sy weer met Meestersatletiek (ouderdomsgroep 75-79) in velditems (spiesgooi, werpskyf, gewigstoot, hamergooi, gewiggooi en Griekse werpskyf).

Met die goeie samewerking van die Kokanje-Bestuur, kry hierdie atlete hulle eie oefenterrein, en kort voor lank word hulle Kokanje se trots met uitstekende prestasies en tientalle medaljes op Provinsiale vlak.

Ten spyte van Covid, wat Babsie baie sleg getref het, asook ander ongevraagde struikelblokke, kwalifiseer sy gedurende 2022 vir Nasionale kleure. Op 6 Mei vanjaar (tydens 'n glansgeleentheid in Kaapstad) sal dit aan Babsie toegeken word.

'n Ander tydverdryf/stokperdjie, om verder aan haar kreatiewe en skeppende gees uiting te gee, is haar betrokkenheid en deelname by die VLU (sedert 2017):

Babsie het verskeie toekennings ingeryg in kuns, handvlyt, brei, hekelwerk, fotografie en prosa.

In 2022 behaal sy drie toekennings op Konferensievlak vir haar argitektuurskets met pen en ink (94%). In dieselfde jaar verwerf sy by die Kongres die toekenning vir die mees verdienstelike artikel met 'n besondere punt van 92% vir haar koffiebeker met kolkuns. By die 2023-Konferensie verwerf sy die hoogste punt (breiwerk) vir 'n opgestopte speelding, asook 'n toekenning vir die voortreflikste artikel (breiwerk). Tydens die Mini-skou het Babsie se inskrywings almal 80% of meer behaal (breiwerk – kindertrui, fotografie – tekstuur in die natuur en grondpad, en kuns – insek met kleurpotlode), en 88% vir haar prosa.

Volgens haar man, Tiaan, maak haar perfeksionisme hom soms skoon moedeloos... Hy moedig haar aan, is haar klankbord en skud net sy kop wanneer sy ewe eiewys vir die hoeveelste keer

iets van vooraf begin sodat dit so na as moontlik aan 100% kan eindig.

Babsie blink tans uit in die VLU se Miami Kinkelkok-kompetisie. Sy was die wenner van die eerste en tweede rondtes en wag op die uitslag van die finale rondte. Die wenner word op 5 Mei 2023 by die VLU-Kongres bekend gemaak. **Kokanje hou styf duim vas dat jy hierdie medalje verower en huis toe bring!**



'n Baie beskeie Babsie "reik verder na die sterre" en oefen reeds om op die ouderdom van 80 jaar in 2024 aan die Meestersatletiek Wêreldkampioenskap in Swede, te gaan deelneem.

Babsie, jy en jou mede-atlete verstom ons!

Hou aan skitter op verskeie vlakke, Babsie! Jy maak die hele Kokanje oneindig trots op jou en jou talente!

Rita Noeth

Lyndon B. Johnson said:



"I have learned that only 2 things are necessary to keep one's wife HAPPY.

**First, let her think she's having her own way.
And second, let her have it!"**



GIMTRIM/JOGA

WORD GESOND, FIKS EN BLYMOEDIG OUER! (Hoe jy oudword, is jou keuse.)

Navorsing oor die jare het gevind dat die lengte van jou leeftyd net 10% bepaal word deur jou gene, die ander 90% word deur jou leefstyl bepaal. Dit is so hartseer dat ons langer leef danksy die mediese wetenskap, maar gouer oudword a.g.v ons leefstyl.

Die mens is nie geskape om te veel staties te wees nie. Oermense het heeldag gejag, gehardloop en geloop om kos te soek. Ons voorouers het van vroegdag fisiese werk verrig, gestap of perd gery na bestemmings. Hulle het ook baie minder siek geword in vergelyking met die moderne mens met beter mediese toestande. Deesdae is dit "sit-sit-so" werk toe, by die werk, huis toe en voor die TV. Dus 80% van die dag staties. Dit is nie hoe God die mens op aarde wou laat leef nie.

Te min beweging veroorsaak slap, swak spiere. Swak maagspiere plaas geweldige stremming op jou rugwerwels en -spiere en rugpyn is jou voorland. Joseph Pilates het geglo dat 'n mens so oud is soos wat jou rug jou toelaat.

Gereelde beweging deur die dag hou spiere, sintuie en die brein fiks. Suurstofvlakke word verhoog tot voordeel van jou brein, organe en gemoed. Oefening, beweging en 'n gesonde dieet is die sleutel tot jeugdige veroudering.

Jy kan baat vind daarby om vandag met 'n oefenprogram en spierversterkingsoefeninge te begin! Spiere degenerereer met ouderdom. Dit is die rede waarom baie ouer mense gewigsprobleme ondervind: Spiere verbrand vet. Swak spiere is die rede vir swaar en moeilik opstaan en ook moeiliker rondloop.

Daar is 4 boublokke van die oefening wat in die Gimtrimklub se klasse toegepas word.

1. KARDIO

Ritmiese beweging wat op groot spiergroepe werk. Kardio-oefeninge verbeter jou liggaam se vermoë om suurstof en voedingstowwe aan weefsels te lewer en afvalstowwe te verwyder en dit kry die hart aan die pomp. Kardio-oefeninge: Stap, swem, fietsry, tennis, dans, ens.

2. KRAGBOU

Hier bou ons spiere deur herhalende bewegings wat met gewigies of weerstandbande gedoen word. Dit voorkom beenverlies, bou spiere en help voorkom dat jy maklik val.

3. SOEPELHEID

Oefening maak jou soepel sodat jy makliker beweeg. Soepelheids-oefeninge: Rek en strek – om spiere en gewrigte buigsaam te hou (baie goed vir ouer persone). Dit help ook om val te voorkom.

4. BALANS

Hierdie oefening help veral dat ouer persone vas staan en minder val.

Wanneer hierdie 4 boublokoefeninge gereeld gedoen word, bly ons sintuie skerp, brein helder en beweeg ons met gemak. Nog voordele is: Meer en beter beweeglikheid, spierkrag en funksionele onafhanklikheid, asook beengesondheid, beter handhawing van bloedsuikervlakke, laer bloeddruk en beter gewrigsbeweeglikheid.

Wanneer jy oefen, is daar veranderinge aan jou metabolisme, sirkulasie, bene en selfs senuwees wat jou brein met jou spiere verbind. Oefening kan tot die afbreek en heropbou van verouderde kollageen lei, wat beteken dat stywe vesels met nuwes ver-

vang word. Statiese spiere vererger inflammasie, terwyl aktiewe spiere die teenoorgestelde doen.

As jy nie kans sien vir Gimtrim of Joga nie, waarom gaan stap jy nie? Kry 'n vriend/vriendin en gaan stap elke dag 'n entjie. So werk jy ook 'n lekker kuiertjie in. Hier in Kokanje kan ons heerlik en veilig stap. Ons asem skoon Bosveldlug in en kan die natuur geniet. Hoe bevoorreg is ons nie!

(1 uur se flink stap om die Oord – ongeveer 4 kilometer. Sit hoed op en neem drinkwater saam.)

Oefeninge kan ook sittend, op 'n stoel, gedoen word of terwyl jy op jou bed lê – dus het niemand eintlik 'n verskoning nie!

'n Gesonde liggaam en gees is goud werd. Hoewel oefening jou nie van siektes vrywaar nie, is dit 'n waardevolle, natuurlike hulpmiddel in die stryd teen chroniese siektetoestande en 'n verlies aan lewensgehalte. Dus – wees asseblief lief vir jouself!

*"Age has its own glory,
beauty and wisdom
that belongs to it.
Peace, love, joy, happiness,
wisdom, goodwill and
understanding are qualities
that never grow old."
Joseph Murphy.*

**Kom ons maak 2023
ons beste jaar ooit.
Kom ons beweeg saam!**

**ADRI VAN
TONDER
EN
DIE
GIMTRIMMERS.**



'N MOOIE WANDELING

Skone môre jy is gegroet,
die son se strale so rooi
soos bloed
Ek sien die vlaktes uitgestrek,
my oë is blink, my hart is sterk

Die veld is mooi,
met blomme getooi
Wyd uitgestrek,
God se wonderwerk

Ek hou van die wind,
ek voel weer soos 'n kind
Met voete vry,
wat oor die vlaktes gly

Daar is heimweë in my hart,
met oë vol trane,
so vër die pad.
Dit alles is geleen,
die son en die reën
Waar kom ek vandaan,
waar gaan ek heen?

Sing weer 'n nuwe lied,
deur vreugde
in my hart gebied
'n Kosbare wandeling
deur God verleen
Alles so mooi,
wat 'n grote seën

Ek sien die son,
so rooi soos bloed,
my hart weer vol nuwe moed
'n Mooie wandeling
so wondersoet,
met God se seën
in my gemoed.

Geskryf en ingestuur deur
Drienie Smit.



*** Vrywillige
Opskeppers
help om VOEDKOM
R85 000 per jaar
te bespaar!**

'N ANDER TIPE "GIMTRIMMER"

Kokanje se rooibokkies, duiker-
tjies, nagapies, tarentale en
ander voëls is in 'n mindere
mate ook "Gimtrimmers". Hul-
le hardloop energiek rond en
soek na voedsel.

Jy sal soms sien dat een of
meer van bogenoemde sag-
kens aan jou bome, struik en
blomme knibbel ("trim"). Die-
selfde geld ook vir die larwes
van die pragtige skoenlappers
wat ons Oord gereeld besoek.

As jy geduldig is en in liefde
met jou omgewingsvriende
saamleef, sal jy nie eers die
"terugsnoei" bemerk of in ag
neem nie. Dit is gewoonlik
baie min in vergelyking met
die verwoesting wat 'n hael-
storm sou kon veroorsaak!

Hoe pragtig en gerusstellend
tog om hierdie vriende tydens
babatyd te sien wanneer hulle
so uiters trots hulle skugter
afstammeling kom vertoon.
Daar is baie min aftreeoorde
wat hiermee kan spog!

**Kyk weer na Dries de Jager
se pragtige voorbladfoto!**

**Leef en laat leef
en geniet die Bosveld
en sy ander inwoners!**

NOG MANIERE OM U SPIERE TE OEFEN

Sluit aan by die Opskeppers-
korps van die Voedseldiens-
komitee en oefen soos volg:

1. Gesig- en mondspiere:

Jy groet die honger Inwoners
vriendelik, verneem na hulle
welstand en glimlag vir elkeen.
Knoop 'n vinnige gesprekkie aan.

2. Hele liggaam, veral hand- en oogkoördinasie:

Jy beweeg en staan rond terwyl
jy die verskillende disse netjies
uit die groot kosbakke skep en
jou mede-Inwoners bedien (bor-
de of wegneembakke). Hou die
oppervlakke mooi netjies en
skoon!

3. Brein:

Kyk of jy nog almal se gesigte en
name kan onthou en noem hulle
op hulle name. Vra sommer wat
'n onbekende se naam is en ont-
hou dit vir die toekoms. Jy sal
verbaas wees wat Inwoners se
voedselvoorkeure is.

4. Bene, arms en hande:

Stap en gaan skryf jou naam op
die Opskepperslys wat daaglik
op die tafel tussen eetsale 1 en 2
te vinde is.

HIERDIE OEFENINGE IS BAI MAKLIK EN GROOT PRET!

Vrydae (na hulle opskopbeurt vir
die week voltooi is) word die Op-
skeppers beloon met 'n glasi
wyn of sap!

Eenkeer per jaar word die Op-
skepperskorps bedank met 'n
klein geselligheidjie. *

Sien meegaande foto.



BERGKONINKRYK BEDANK DIE KOKANJE-VOETSLAANKLUB



So trek ek en Joop sak en pak Nylstroom toe (6 Januarie 2023).

Ons droom al baie lank van ons eie stukkies grond in die Bosveld. Hierdie droom word waar en ons koop Bergkoninkryk Gasteplaas. Ons was skaars op die plaas toe **Francois Hendriksz en Johann Bornman** kom kennis maak. Hulle kom vra of Kokanje se Voet-

slaanklub by ons kan kom stap. Dadelik gryp ons die geleentheid aan en begin hard werk om alles reg te kry vir die stappers. Die staproetes moet oopgekap word, paaie herstel word en opknapping aan die geboue gedoen word.

Daardie Donderdag begin dit verskriklik reën. Ons is moedeloos – ons het so hard gewerk en nou gaan Kokanje se besoek uit-reën...

Vrydagoggend breek aan en groot is ons verrassing toe daar 71 stappers opdaag. Hulle het meestal onderdak plek ingeneem en lekker gekuier.

Dit was ongelooflik om julle hier te hê. Ten spyte van die reën het ek niemand hoor kla nie.

Dit is vir ons 'n inspirasie om die ouer garde te ontmoet wat so positief is oor die lewe!

Baie dankie dat julle ons plekkie kom besoek het. Ons hoop om julle gou weer te sien.

NB. Bestudeer ons advertensie op Bladsy 38 en maak gerus gebruik van ons Spesiale Aanbiedings vir Pensionarisse!

Groete:
Joop en Sulita de Kock.



NAALDWERKKLUB

Jenny van der Merwe



Daar het soveel nuwe Intrekkerdames by die Naaldwerkkklub aangesluit!

Baie welkom, dames!

Al die lede is reeds baie druk besig met nuwe projekte vir 2023.



Die eerste projek was die opmaak van **Valentyns-geskenkpakkies** vir al die KE-Inwoners. Waslappies is omgehekel, sepies, tandpasta en ander bederfies is ingesluit en op **14 Februarie** is die pakkies persoonlik aan elkeen oorhandig.

Daar word nou al beplan om die heerlikste gebakte en gebottelde, asook pragtige handgemaakte artikels vir die **Karnaval** gereed te maak. (**22 April.**)

Op **16 Junie** is dit Jeugdag. Dan word heerlike **pannekoek** gebak in die Sportsaal, en verkoop om ons fondse aan te vul.

Kort daarna, op **28 en 29 Junie**, is dit weer tyd vir ons **Wintermark** – met heerlike warm kombersies, bedsokkies, serpe en truie.



Daar word vroegtydig piepklein kousies en hoedjies gebrei ter ondersteuning van die landswye **liefdadighedsprojek** van Dr Johanè Potgieter-Polka (by 6 hospitale) waaraan ons deelneem – vir die snoesig en warm hou van vroeggebore babatjies. **Kom brei gerus saam met ons!**

Na 'n paar maande grasie, om weer nuwe artikels voor te berei, gaan ons welbekende **Kersmark** plaasvind.

Ons waardeur al die Kokanje-Inwoners se ondersteuning ten seerste!

Jes. 40:31
Wie op die Here wag,
kry nuwe krag!



NOG MEER FUNKSIES EN PRESTASIES...



TUINBOUKLUB se heerlike uitstappie na Geluksfontein Kwekery.



SIX IMPORTANT GUIDELINES IN LIFE.

1. When you are Alone, Mind your Thoughts.
2. When you are with Friends, Mind your Tongue.
3. When you are Angry, Mind your Temper.
4. When you are with a Group, Mind your Behavior.
5. When you are in Trouble, Mind your Emotions.
6. When God starts blessing you, Mind your Ego.

MAROELASTRAAT SE GESELLIGE BRAAI by die Rolbalklub.



Meestersatletiek in Pretoria:
Annette, Miggie en Babsie het silwer medaljes losgeslaan en Ria 'n goue!
Baie geluk!

Roelf vd Walt se bure het hom lekker bederf op sy 90ste verjaarsdag!



TONNELS

My ou HAT-woordeboek van die jaar 1965 gee die definisie van 'n tunnel as "Ondergrondse gang deur 'n berg of onder 'n rivier". Ek is onlangs ook gekonfronteer met hierdie woord, maar dit was baie vër verwyderd van die slim ingenieursvernuf wat gelei het tot die bou, of is dit grou, van die Hugenote tunnel waarna my HAT verwys as die Dutoitsklooftunnel. Die Hugenotetunnel, soos dit later genoem is, het hul daardie jare vertel, sou die lang pad Kaap toe met 11 km verkort. Wonderlike nuus! Die rit bo-oor die berg was nou wel meer aanskoulik, veral as die proteas en heide in volle blom was, maar dit was egter nie wenslik om te sit en rondkyk en die bestuurder se aandag af te trek nie. Veral nie met 4 kinders aan boord op 'n rit wat al vroegoggend in Gauteng begin het nie.

In my soeke na 'n onderwerp vir hierdie agterblad-essay, het ek vasgehaak by al die soorte tunnels in ons daaglikse lewe. 'n Paar van hulle was gebore uit die nood om te ontvlug of om voort te bestaan te midde van ongunstige omstandighede.

So het daar bankroewe plaasgevind, ontsnappings uit tronkselle en interneringskampe soos destyds in Koffiefontein, en die netwerk van ondergrondse tunnels wat gegrawe is as skuiling vir en as ontsnaproetes vir troepe tydens die Viëtnamese oorlog, sommige myne berus ook op 'n netwerk van tunnels op verskeie vlakke.

Boere verbou ook groente in tunnels waarbinne hulle optimum toestande skep vir die plante om sodoende voedsel te voorsien te midde van die toenemende voorkoms van klimaatsverandering.

Ons eie land het ook 'n geskiedenis van tunnelgrawers vanuit die eerste soeke na ondergrondse rykdom. Hierdie soeke na goud in die Barbertonse berge het gelei tot die poging om 'n tunnel te grawe waardeur die myners met koekepanne hul gouderts dwarsdeur die Makhonjwaberger kon vervoer.

Niksvermoedend het hulle die oudste bergreeks ter wêreld aangedurf. Hierdie tunnel het wel aan die anderkant van die berg uitgekom, maar is nooit vir die beplande doel gebruik nie. Lank daarna is 'n stelsel van vervoerbande gebruik wat die erts van die eenkant van die berg na die aanleg vervoer het. Die tunnel het wel groot bekendheid verwerf omdat geoloë en bioloë tussen die sedimentêre lae van die gesteentes in hierdie tunnel, die oudste wetenskaplike bewys van lewe op aarde ontdek het. Tydens ons verblyf in die Laeveld het ons een hele middag gaan stap deur hierdie geskiedkundige tunnel, waar sommige van die horisontale lae gesteentes, deur vulkaniese aktiwiteit sodanig geplooi is, dat hul vertikale wand van die tunnel gevorm het. 'n Mens voel klein as jy besef jy beweeg op 'n terrein wat uit bykans 4 biljoen jaar gelede dateer en die handewerk van ons Skepper is, wat vandag nog skeppend optree sodat nog meer van Sy wonders op klein en groot skaal ontdek en nagevors kan word. Wat vir ons as meetbaar nagevors word, bly steeds onmeetbaar.

Hierdie tunnelstruktuur is dalk maar afgekyk by ons medaardbewoners soos hase, melle, miere en nog vele meer wat dit inrig as hul woonplek en meesters is met ingeboude grondverskuiwingsapparate.



Om nie eens te praat van vernuf nie!

Ek gaan skoon oorboord oor tunnels, want ek leer van tunnels in my eie hande. Nie mensgemaak deur ingenieurs nie, maar geskep in fyn detail om my twee hande te laat werk. Ek word gediagnoseer met karpale tunnelsindroom. Die klein tonneltjie is die deurgang vir impulse wat vir my vingers moet sê wat hulle moet doen! Vergeet van die Hugenote tunnel, en kyk weer met vars oë na jou hande en wees dankbaar vir 'n tonneltjie wat die werke van jou hande in stand gehou het tot op hierdie dag.

Dit wat ek so as vanselfsprekend aanvaar het neem nou, na 'n operasie, al 4 weke se oefening in beslag om elke vinger weer te leer om die boodskappe wat deur hierdie tonneltjie gestuur word, te kan gehoorsaam en die nodige beweging met krag te kan uitvoer.

Alle Tunnels in ons lewens moet altyd oop wees om hul rol te vervul, en ons moenie hul funksies onderskat nie!

Martha van Zyl



STATUS

FUNERALS | BEGRAFNISDIENSTE

Celebration of Life



Our Services:

Burial Service

Cremation Services

Death Registration

Collection Services

Local Repatriation

International Repatriation

All Policy Claims

Flowers

Funeral Programmes

Catering

Membership

Dienste

Begrafnis Dienste

Verassings Dienste

Sterfte Registrasie

Verwyderings Dienste

Plaaslike Repatriasies

Internasionale Repatriasies

Alle Polis Eise

Ruikers

Begrafnis Blaadjies

Verversings

Lidmaatskap


 **066 384 4033**

 **072 256 4519**

 **status@colfunerals.co.za**

 **www.colfunerals.co.za**

 **46 Joe Slovo Str, Modimolle**



90 Baie geluk met hierdie prestasie!




Roelf van der Walt
10 Maart



Floris Visser
20 Maart



Orpa Terblanche
16 Mei



Carel Woller
24 Mei



Johan Strumpfer
1 Junie



Ernst Wohlfahrt
12 Junie



Lettie Coetzee
29 Junie



Julia Nel
6 Julie



Basie Griesel
13 Julie



Jan Basson
13 Julie



Santjie Leonard
14 Julie



Anna Rossouw
30 Julie

POSTNET
Modimolle

014 717 3440

014 717 3441

modimolle@postnet.co.za

POSTNET  **POSTNET**

R109

Incl. Vat

Up to 5kg Countrywide
Delivery within 2 - 3
working days.*

Over 450 locations.

*Please allow 1 extra delivery day for outlying areas.
Maximum Actual Weight 15kg. Maximum Volumetric Weight 15kg.
Chargeable Weight is Actual or Volumetric, whichever is the greater.
Terms and Conditions Apply.

POSTNET
Courier